ISSN 1017-6837 VDM jg 4/1 Januarie 1995

VDM

Jaargang 4/1 | Nommer 7 | Januarie 1995

# LAG IN DIE GEES

## 'n Eksperiment in die Heilige Gees.

Efesiërs5: 7-16

**VOTUM:**
**SEëNGROET:**
**LOFSANG:**
Kom ons loof die Here soos Geesvervuldes as ons psalms, gesange en ander lofliedere onder mekaar sing.

Ps. 147: 1, 3 en 5
Ges. 214: 1 en 4
Ld. 3: 1, 2 en 3 (SOM)
Ld. 17: 1 en 2 (JSB)

**SKRIFLESING:** Efesiërs 5: 7-16

**PREEK:**
**Geesvervuldes dien die Here deur onder mekaar te sing.**

Aan die begin van 'n nuwejaar kan 'n mens vir kwalik meer hoop en bid as dat die kerk Geesvervuld sal leef in 1995. Die vraag is nou wat beteken dit om Geesvervuld te wees? Wanneer is mens Geesvervuld? Hoe voel jy, wat doen jy as jy Geesvervuld is?

In die Pinksterisme word gesê jy word met die Gees vervul as jy jouself laat grootdoop met onderdompeling. As teken daarvan ontvang jy dan 'n bepaalde gawe van die Heilig Gees, soos spreek in tale, genesing of dalk die uitleg van tale.

'n Nuwe mode wat deesdae sy kop uitsteek is baie erger, die sogenaamde lag in die gees. Ek noem dit 'n mode want, want dit het beslis geen Bybelse gronde nie, maar is soos Doc Martins skoene, net nog 'n gier wat van oorsee af hier aangewaai het.

In kort kom dit daarop neer dat iemand wat met die Gees vervul word uitbars in 'n onbedaarde lagbui, kliphard. 'n Ander teken van geesvervuldheid wat saam met hierdie gelag in die gees hier aangeland het is om te brul soos 'n leeu as die gees oor jou kom of om te blaf soos 'n hond?

As die blote noem van hierdie goed u ongemaklik laat voel of dalk laat seer kry dan vra ek om verskoning. Veral omdat Paulus in vers 12 sê mens moet nie eers praat oor wat die ongehoorsame mense in die geheim doen nie.

Hierdie mense doen dit egter nie in die geheim nie. Hulle doen dit in hulle byeenkomste en hulle is nie skaam daaroor nie, want hulle doen dit in die naam van die Here en volgens hulle onder leiding van die Gees oftewel as gevolg van die Gees wat oor hulle gekom het.

> *Nie alles wat in die naam van godsdiens gedoen word Godsdiens is nie!*

Die tweede rede waarom dit nodig is dat dit onder die loep kom is omdat ons lidmate daarvan gaan hoor of reeds gehoor het. Gevaarliker, iemand gaan hulle probeer oortuig dat hulle hierdie teken van geesvervuldheid kortkom.

Saam met hulle moet ons daarop let dat nie alles wat in die naam van godsdiens gedoen word Godsdiens is nie! In Korinthe het party mense

"as die gees beheer oor neem" gesê: "Vervloek is Jesus!" 1 Kor. 12. Daarom skryf Paulus vir hulle en sê as so iets gebeur is dit beslis nie deur die werking van die Gees van God nie.

'n Mens voel om te sê dit kan 'n gees wees maar verseker nie die Heilige Gees nie, want dis die enigste gevolgtrekking waarby 'n mens kom oor hierdie gelag en gebrul en ge-wie-weet-wat-alles in die gees.

Wat is die doel daarvan wonder 'n mens? Wat die gelag betref kan jy dalk nog kom by iets soos blydskap en vreugde, maar wat jy met die gebulk en ander lawaai gaan maak weet net die man in die maan alleen.

*Vervul kan nie beteken dat jy meer van Hom moet kry of Hy meer van jou nie. Die Heilige Gees is tog 'n persoon wat jy of het of nie het nie.*

Paulus waarsku ons in vers 6 as hy sê: "Moenie dat iemand julle met allerlei onwaarhede mislei nie." In vers 7 gaan hy nog 'n stappie verder en sê "Met sulke mense moet julle niks te doen hê nie."

Daarom is dit gepas as ons in 1995 onsself voortdurend af vra of iets vir die Here aanneemlik is(v.10) en as ons nie mee doen aan die vrugtelose praktyke van die duisternis nie(v.11). Kom ons stel dit eerder aan die kaak.

Hierdie nuwe gelag en lawaai laat mens onwillekeurig dink aan v. 18 se losbandigheid wat voorkom as mense hulleself te buite gaan met drank. Daarteenoor is Paulus se wens dat ons eerder met die Gees vervul moet word.

Dit bring ons nou weer by die vraag, wat is dit? Hoe kan ek deur die Gees vervul word? Wat moet ek doen? Hoe kan ek weet dat ek die Heilige Gees het, dat ek vervul is?

Vervul kan nie beteken dat jy meer van Hom moet kry of Hy meer van jou nie. Die Heilige Gees is tog 'n persoon wat jy of het of nie het nie. Daar is nie sprake van bietjie of baie nie.

1 Kor. 12: 3 lees, ..niemand kan sê: "Jesus is die Here" nie, behalwe deur die Heilige Gees. Kan jy dit sê? Sit so 'n oomblikkie en dink daaroor. As jy wil, sê dit in jou gedagtes: Jesus is die Here! Weet verseker as jy dit glo, dan is dit alleen die Heilige Gees se werk.

**GELOOFSBELYDENIS:**

Kom ons wat glo dat Hy die Here is staan nou op dan sê ons dit hardop as ons ons geloof bely in die taal van die 12 artikels.

Elkeen wat nou, nie maar uit gewoonte of dalk agv groepsdruk nie, maar uit ware geloofsoortuiging bely het dat Jesus die Here is, kan verseker wees dat die Heilige Gees jou daartoe gebring het. Anders gestel dat jy die Heilige Gees het of Hy vir jou.

En die gevolg daarvan is doodeenvoudig dat jy nie losbandig moet leef nie, maar gehoorsaam aan Jesus, wat jy as Here bely.

Dit is hierdie teenstelling wat Paulus op oog het. Nie losbandigheid(sonde) soos met drank nie, maar dinge van die Gees, geloof in Jesus, en 'n lewe wat daarvan spreek, byvoorbeeld deur lofliedere.

REDAKTEUR: Danie O'Reilly
TEGNIESE REDAKTEUR: Jaap Naudè
MEDWERKERS: Soos vermeld per bydrae.

ADRES: Die Redakteur, Posbus 8005, Putfontein, 1513.
Tel. (011)969-4992

KOSTE: Intekengelde beloop R 30.00 per keer en is vooruitbetaalbaar. Een uitgawe van 28 bladsye kos ongeveer R 7.50

FREKWENSIE: VDM verskyn telkens as hy gereed is, maar nie minder as vier keer per jaar nie.

*Enige gedeelte uit VDM kan met erkenning ten volle gedupliseer en versprei word.*

Dit is so want die vervulling met die Gees gaan nie gepaard met opspraakwekkende goed soos spreek in tale en/of losbandigheid soos lag en blaf nie, maar dit word sigbaar in doodgewone goed.

Vers 19 sê, sing onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here. En vers 20 sluit af met dank God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus.

Laat ons, wat bely dat Jesus die Here is, dit nou tot uiting bring dat ons nie net die Heilige Gees het nie, maar dat ons inderdaad vervul is met die Gees, as ons soos vers 19 sê psalms, lofgesange en ander geestelike liedere onder mekaar sing.

Ons sing ons hele hart tot eer van die Here
Ps. 48: 1
Ges. 214: 1, 3 + 4
Ld. 19: 1(SOM)

Verstaan u nou. U hoef nooit bang te wees dat hier by ons niks gebeur nie omdat ons nie Geesvervuld sou wees nie. Ons hoef nie met lang tande te kyk na ander mense en ander plekke waar dit lyk asof die Gees werk nie, omdat die Gees dan by ons sou ontbreek nie.

Mense wat dit sê lieg want die Gees werk hierby ons. Hy werk die geloof in ons harte, Hy werk en laat ons sing van God se liefde en genade en vele meer. Ja, hier gebeur baie dinge by ons. Verseker niks losbandigs nie(hopelik), maar dinge waartoe alleen die Gees van God ons kan bring. Een so 'n ding is skuldbelydenis.

**SKULDBELYDENIS:**

As ons nou weer verstaan dat die vervulling met die Gees doodeeenvoudig beteken om Jesus as Here te bely met woord en daad, kom ons bely voor die Here dat ons ook maar heel dikwels 'n begeerte het na die losbandige goed wat in die gedaante van godsdiens deur andere vir ons voorgehou word, as geesvervulling. Dit lyk soveel aantrekliker en partykeer verwar ons dit met geloof in Hom en wat Hy vir ons in Christus deur die Heilige Gees doen.

As daar nog iemand is wat dalk nog twyfel of hy Geesvervuld is, is dit nou die geleentheid. Neem jou toevlug na Christus soos vers 14 sê: "Word wakker jy wat slaap, staan op uit die dood; en Christus sal jou lewe verlig."

Kom ons staan op as ons met ons skuld by hom gaan skuil en vra dat Hy ons lewens verlig as ons Ges. 238: 3 sing.

**VRYSPRAAK:**

Dis met vreugde wat ek aan julle verkondig dat julle net by Christus kon gaan skuil het omdat die julle deur die Gees van God daartoe gebring is. Om te onderstreep dat ons Geesvervuld is kom ons doen wat v 20 sê, ons dank God die Vader deur saam te bid.

**DANKGEBED:**

God die Vader, ons dank U oor alles in die naam van ons Here Jesus Christus. Ons dank u vir alles wat U aan ons skenk in die naam van U seun Jesus Christus. Ons dank U dat U dit aan ons skenk deur die onuitspreeklike werking van die Heilige Gees. Amen.

**DANKOFFERS:**

As Geesvervulde mense het ons nou die geleentheid om ons dankbare gehoorsaamheid te wys met die gee van ons dankoffers.

**DANKLIED:**

Ons gaan voort om as geesvervuldes ons dankbaarheid te wys as ons geestelike leidere onder mekaar sing.
Ld. 5: 3 (SOM)
Ld. 27: 1 en 2(SOM)

**WET:** Efesiërs 5: 1 en 2

As Geesvervuldes leef ons met die troos dat die Here ons deur sy Gees bring om daagliks volgens sy Wet te leef. Kom ons luister daarom na die wet van die Here sodat ons kan gaan leef soos Geesvervulde mense, wat Jesus as Here bely, gehoorsaam aan God en sy gebooie.

**SEëN:**

Die genade van ons Here Jeusus Christus, die liefde van die Vader en die teenwoordigheid en gemeenskap, ja die vervulling van die Gees is en bly met elkeen van u.

Danie O'Reilly
Ned Geref Kerk Benoni-Oos

ISSN 1017-6837 VDM Jg 4/1 Januarie 1995

# DIE KETELREEKS.

In die Pinkstersime waarin ons groot word is een van die wyses waarop die Pinkster bygeloof geregverdig word, dat dit die Evangelie vir die kinders is. Die Gereformeerde godsdiens is vir die slim teoloë en vir grootmense.

> *Die Gereformeerde godsdiens is vir slim teoloë en vir grootmense terwyl die eenvoudige "Pinksterevangelie" vir kinders is..*

Die kinders verstaan baie beter hoe 'n mens "Liewe Jesus" in jou hartjie innooi as om te verstaan dat hulle Jesus maar net kan vertrou om hulle lief te hê, al sondig hulle. So word beweer.

Met die voorwendsel van eenvoud moet die kinders dan bygeloof as godsdiens beleef terwyl die ware godsdiens van hulle vervreem word as iets vir groot mense.

Met hierdie Ketelreeks wil ons die Evangelie weer in sy eenvoud aan kinders deurgee en hulle terselfdertyd as kinders vervreem van die bygeloof waaraan hulle kindergemoed met elke kinderkranslessie en elke TV-kinderaanbieding gebombardeer word.

ONS IS KETELS.

Vir die les word drie ketels benodig. 1. 'n Gewone elektriese waterketel wat verkieslik al baie gebruik is. 2. 'n Mooi geskilderde porselein ketel. 3. 'n Ketel wat op 'n oopvuur gebruik is.

Lees vir die kinders Efesiers 1: 8-10 en herhaal vers 10.

Die lesinhoud kan as volg aangebied word. U sal agterkom dat die voorbeeld 'n dinamika van sy eie het en baie ruimte vir improvisasie gee.

1. In Jesus is ons elkeen geskep om ons lewe aan die goeie dade te wy waarvoor God ons bestem het.

Bestem beteken dat die Here ons op 'n baie besondere wyse gemaak het. Kyk na hierdie ketel wat ons hier het! Wat kan ons met die ketel doen? Ons kan water met hom kook!

Nou hoekom kan ons met die ketel water kook? Dit is omdat hierdie ketel iets baie besonders binne in hom het wat 'n mens nie van buite af kan sien nie.

As jy van buite kyk dan lyk hierdie sommer na 'n ou vaal plastiek beker. Maar binne in hom is daar iets wat van hom baie meer as net 'n ou vaal beker maak. Wat is dit?

Dit is 'n element. Hierdie element binne in die ketel maak dat dit iets baie spesiaals kan doen wat gewone bekers nie kan doen nie. Dit kan water kook.

Maats dit is wat die Bybel bedoel as hy sê dat God ons bestem het vir goeie werke. As jy na jouself kyk so van buite af dan kan jy ook miskien maklik dink jy is sommer maar net 'n ou vaal beker.

Maar dit is nie waar nie. Binne in elkeen van julle het die Here iets besonders gegee. 'n Baie spesiale gawe en talent. Dit is julle element binne in julle. Miskien is jou element om mooi musiek te kan maak, of om somme te kan maak, om met 'n rekenaar te kan werk, ... (gee hulle nou kans om self die talente in hulle te identifiseer)

God wil graag hê dat jy hom moet dien maats - en jou diens aan God, jou godsdiens is om jou element te gebruik.

Watter diens kan hierdie ketel aan ons lewer? Hy kan water kook. Net so moet ons vir God die diens lewer wat pas by die talent, ons element wat binne in ons is.

Godsdiens is om die werk te doen waarvoor die Here jou gemaak het. Kom ons noem 'n paar werke op wat ons vir God kan doen: boer-wees, onderwyser-wees, bouer-wees, ens.

Kyk nou na hierdie mooi ketel. Dis porselein en kyk net die pratige skilderwerk op hom. As julle moet kies wat sal julle graag wil wees? So 'n vaal ou elektriese keteltjie of so 'n mooi porselein keteltjie?

Almal wil seker maar die porselein een wees. Maar dit is nou die geheim. Kan hierdie mooi keteltjie water kook? Nee, dit kan maar net mooi

lyk. Hoekom kan dit nie water kook nie? Omdat dit niks binne in hom het nie. Dit is buite mooi maar binne leeg.

Dit is hoe bygeloof lyk. Baie mense wil nie vir Jesus as Here dien nie, hulle wil soos Liewe Jesus wees.

Hulle wil graag hê dat mense die Here in hulle lewe moet raaksien. Mense wat so leef lyk van buite baie mooi. Hulle lyk amper net soos Jesus. Maar raai wat? Binne is hulle leeg.

Hulle wil nie meer die werk doen waarvoor Jesus hulle gemaak het nie. Hulle wil nie die Here dien nie, hulle wil soos Hy lyk. Vir hulle is die gewone dinge soos somme maak en rugby speel nie meer die werk wat ons vir God doen met ons talente nie.

So moet ons lewe nooit wees nie. Ons is nie mooi porselein keteltjies nie. Christene is elektriese ketels. Moet ons luister as mense se ons moet soos Liewe Jesus wees? Nee, ons moet nie soos Hy wees nie. Ons moet hom dien met die talente wat Hy ons gee.

'n Ander geheim. Hier is nog 'n ketel. Raai wat? Hy kan water kook. Maar wat moet ons met die ketel maak voor hy water kan kook. Ons moet hom op 'n groot vuur sit en hom stook.

So dink baie mense dat mense ook met 'n groot vuur opgestook moet word om God te dien. Hulle noem hierdie vuur 'n herlewing. Hoe klink hierdie vuur waarmee hulle mense stook?

Hulle sê: Jy is nie regtig 'n kindjie van Jesus nie! Jy is 'n kindjie van die duiwel! Jy gaan hel toe as jy nie tot bekering kom nie! Jy is nie 'n kindjie van Jesus voor jy nie jou hartjie vir Jesus gee nie! Sien julle hoe bang maak die opstokery 'n mens? Met al die opstokery kry hulle dit reg om mense water te laat kook.

Hoekom moet 'n mens vuur maak onder die ketel om hom te laat kook maats? Want hy het nie 'n element in hom nie. Christene is egter mense wat sonder vuurstokery onder hulle, die Here dien. Hulle krag lê nie in opstokery, maar binne in hulle. God het hulle 'n element gegee om hom mee te dien.

Hoe lyk so ketel as ons vuurmaak onder hom? Hy word pikswart. Maats dit is hoe baie mense leef. Hulle doen alles waarvoor hulle opgestook word maar dit maak hulle swart van buite.

Hulle beskuldig ander mense hulle is nie Christene nie. Hulle is net lief vir hulle groepie mense. Hulle wil altyd met mense raas en vertel hoe sleg hulle is. Hulle het nie mense lief nie. Hoekom? Want hulle word self warm verbrand met al die opstokery.

Dit is nie hoe die Here met ons maak nie. Hy maak ons elektriese ketels wat water van binne kook met sy talent.

Maats hoe dink julle sal die elektriese keteltjie voel as hy dink hy moet soos die porselein ketel wees? Ja, altyd minderwaardig, want al kook hy hoe, nooit sal hy so lyk nie.

Julle moet nooit dink julle moet soos die Here wees nie. Dan sal julle altyd dink julle is nie reg nie. Julle moet glo die Here het julle met 'n baie besondere talent gemaak. Julle moet daardie talent raaksien en dit ontwikkel en gebruik om Hom te dien. Dit is godsdiens.

Wat sal gebeur as ons hierdie elektriese keteltjie op so herlewingsvuur sit? Hy sal smelt. Hy is nie daarvoor gemaak nie.

Maats, julle moet nooit toelaat dat mense so met julle praat soos wat 'n mens met hierdie swart keteltjie praat nie. Dit sal julle smelt en dan kan julle nie julle talente vir die Here gebruik nie.

As die oom op die TV so praat dan sit jy die TV af. As die tannie by die kerk of die juffrou by die skool so praat, dan vra jy haar op nie weer so met jou te praat nie. As sy nie ophou nie dan gaan jy nie weer kom nie.

Ons is elektriese keteljies. Ons krag kom van binne uit ons talent. So het God ons gemaak in Jesus Christus.

Volgende keer gaan ons kyk wat het die ketel nodig om te kan kook.(WORD VERVOLG)

Petrus Kriel
Ned Geref Kerk Levubu

ISSN 1017-6837 VDM jg 4/1 Januarie 1995

# LOFPRYSING - WAAROM EN WAARTOE?

**1. Inleidende opmerkings**
Die vraag waaroor dit gaan in lofprysing is: waarom en waartoe?

Hierdie vraagstelling maak dit oombliklik baie moeilik om daaroor te praat. Dit raak 'n filosofiese vraag. Dit is baie makliker om die Here te loof en te prys deur te sing. Dit is makliker om te vra hoe ons die Here moet prys bv. of 'n mens moet staan of sit, watter liedere moet 'n mens sing, ens. Dit is praktiese, konkrete, eenvoudige vrae.

Maar as jy vra: lofprysing, wat is dit eintlik? Hoekom doen ons dit? Hoekom behoort ons dit te doen? Wanneer doen 'n mens dit dalk verkeerd? raak dit moeilike goed waaroor jy dan praat. Dit gaan oor goed wat diep in mense se harte lê.

**2. Wat is lofprysing?**
Die doksologie of lofprysing vorm die hart van die christelike lewe. Die hele christelike lewe gaan oor lof aan God, die eer van die Here se Naam, die verheerliking van Sy Naam, die erkenning van Sy heiligheid.

> *Die christelike lewe is lofprysing. Lofprysing staan absoluut sentraal in die christelike lewe. Daar is niks belangriker nie*

Daar is in 'n sin ook niks anders nie. Die christelike kerk, die christelike teologie het van die begin af, van die eerste dae af, dit geweet.

Die Griekse filosofie het bv onstaan uit die verwondering waaroor dinge bestaan. Hulle het altyd die vraag gevra: waarom is daar hoegenaamd iets, waarom is daar mense, waarom is die wêreld daar?

Toe die christelike teologie in die Griekse wereld begin inbeweeg het, het die christelike teologie hierdie vraag probeer beantwoord deur te sê: Die skepping bestaan **ad majorem gloriam dei: tot meerdere eer van God.** Dit is die christelike antwoord op die vraag hoekom daar hoegenaamd iets is. Hoekom is daar 'n aarde, hoekom is daar berge, hoekom is daar bome. Hoekom is daar lig, hoekom is daar reën, hoekom is daar 'n son, hoekom is daar mense, hoekom is ek daar? **Ad majorem gloriam dei.**

**Om God meer te eer.**

Die Noord-Afrikaanse kerkvader, Augustinus, het 'n baie bekende boek geskryf met die naam **Confessiones**, belydenisse. Reeds in die titel maak hy iets duidelik van 'n egte teologie in die christelike lewe. In die boek sê hy dan: God is so groot, God is so wonderbaar, as 'n mens oor God begin nadink, dan besef jy jy verstaan so min van God. Jy moet eerder stilbly. Dit pas ons om te swyg, sê hy, as ons oor God dink.

Maar terselfdertyd sê hy aan die anderkant: God is so groot en wonderbaar - ons kan darem ook nie stilbly oor God nie. Maar praat kan ons nie oor

> *Die gereformeerdes het graag gesê: die hele skepping is die teater van God se glorie.*

God nie. Praat pas nie by God nie. Menslike taal kan nie oor God praat nie. **Laat ons daarom jubel.** Die soort menslike praat wat pas by God is jubel, is lofprysing, is aanbidding, is eer, is verheerliking. Dit is die hart van die christelike lewe.

By Calvyn en in die gereformeerde teologie, was dit in die hart van die gereformeerde denke. **Soli deo gloria.** Alle eer moet aan God toekom. Deur alles wat ons is, deur alles wat ons doen, deur die hele lewe moet ons God eer.

As jy rondom jou kyk is dit soos een groot konsertsaal waar God geloof en geprys word. Die voëltjies, die skepping praat onbewustelik oor God. Sonder dat die skepping dit weet, loof die skepping die Here elke dag. Deur hulle bestaan, deur die manier waarop hulle geskape is en funksioneer, word God geloof en geprys.

Die mens is die enigste skepsel in die skepping wat bewustelik weet wat hy of sy doen. Daarom word ons opgeroep om **saam met die skepping, maar anders as die skepping** God te loof en te prys. Ons word opgeroep om in hierdie groot teater van God se glorie, God te verheerlik.

Die ou vertaling van Ps 22: 4 het gesê: God woon op die lofsange van Israel. Dit is die plek waar God tuis is. Dis die plek waar God, God is. Dis

die plek waar God wil wees. Op die lofsange van Israel, van die Godsvolk, van die verloste volk, wat jubelend in die wereld die eer en heerlikheid van God verkondig. Nog een opmerking in hierdie verband.

Die gereformeerde teoloog Van Ruler het 'n baie mooi boekie geskrywe: Waarom sal ek na die kerk gaan? En dan gee hy in sulke kort stukkies, ongeveer twintig redes in kort dagstukkies waarom die sinvol, waarom dit belangrik is om kerk toe te gaan.

Maar uiteindelik kom hy dan en sê, die belangrikste rede waarom ons kerk toe gaan, is om die Here te loof. Daarom moet jy nie vra: preek die dominee goed of preek die dominee nie goed nie. Jy moet ook nie in die koerant kyk watter dominee preek en dan net gaan na waar die dominee preek waarvan jy hou nie. Dit is nie hoekom jy kerk toe gaan nie. Al was die preek hopeloos, al was die hele diens 'n hopelose ervaring, solank julle 'n psalm gesing het was dit die moeite werd. Want met die psalm het julle God geprys. En dit is waarvoor 'n mens kerk toe gaan.

> *Lofprysing is nie maar nog iets wat christene moet doen nie - die hele christelike religie gaan om die prys van God. Dit is waarom ons lewe, dit is waarom ons bestaan.*

Lofprysing is waarom ons lewe, dit is waarom ons bestaan. So vanselfsprekend soos wat dit mag klink, begin die moeilikheid nou eers. Hoe moet ons dit doen, ordentlik doen? Hierdie soort lofprysing wat God van ons verlang, wat is die aard daarvan? En veral: wanneer loop dit dalk skeef? Wanneer is ons besig, dink ons dat ons God prys, maar prys ons God nie regtig nie? En daaroor wil ek graag iets sê.

**3. Wanneer loop lofprysing skeef: 5 gevare**

Ek wil u wys op vyf gevare rondom lofprysing, vyf versoekings. Want wanneer lofprysing uit die verbande losgemaak word waarin christelike lofprysing voorkom, is jy nog besig met lofprysing, maar is dit dalk nie soos wat dit behoort te wees nie. Op vyf sulke gevare wil ek u graag wys. Dan word dit 'n probleem.

**3.1 Lofprysing is 'n antwoord op die evangelie - 'n REAKSIE**

Egte christelike lofprysing begin as 'n antwoord op die evangelie. En dit is nie so vanselfsprekend soos wat ek dit sê nie. Egte christelike lofprysing begin as reaksie op die hoor van die evangelie en die blyword oor die evangelie. Dan reageer die christenmens met lofprysing teenoor God vir hierdie evangelie. Dit is die eerste belangrike verband.

**Wat is die evangelie?** Die evangelie is dat Jesus Christus opgewek is uit die dood. Daar het die christelike kerk begin. Daar het die christelike evangelie begin. As Jesus nie opgewek was uit die dood nie, was daar geen christelike kerk nie. Dan was die dissipels terug waar hulle was, verward, teleurgesteld, met 'n klomp leringe van Jesus, maar ontmoedig, weer gewone vissers. Dan was daar geen kerk nie. Dan was die nuwe Testament nooit geskryf nie. Dan was daar nie christelike eredienste nie.

**Die opstanding van Jesus is die begin van die christelike kerk. Dis die hart van die evangelie.** Daarom het die christene van die begin af hulle eredienste, hulle aanbiddingsdienste op die eerste dag van die week gehou. In die Joodse tradisie, en hulle was almal Jode, was dit 'n doodgewone werksdag, maar vir hulle was dit die dag van fees en dank en aanbidding en blydskap, want dit was die dag van Jesus se opstanding. Daarom, vir eeue lank, het hulle nie Sondag gehad, offisiële Sondag, waar hulle afgegee is om na die kerk toe te gaan nie. Hulle het dit ingepas op die normale eerste dag van die week werksdae. Omdat hulle gevoel het dit is die dag wat ons moet saamkom om die Here te prys, want Jesus is uit die dood opgewek op hierdie dag.

In die vroeg kerklike liturgieë, die eredienste wat hulle opgeteken het, die gebede wat hulle opgeteken het, die geskrifte wat ons het uit die vroeë kerk, tot vir eeue lank in die vroeë kerk, het die hele jaar ook gedraai rondom paasfees.

Paasfees is vandag nog in die Oosterse kerk die fees in die christelike jaar. Dit is die geboortefees van die kerk. Nie kersfees of die ander dae nie, paasfees is die fees van die christelike kerk. In die vroeë kerk was dit, anders as by ons, die eintlike fees. By ons vier ons die weke vooraf aan paasfees lydenstyd. Daarna het ons 'n kort paasfeesviering en dan vervaag dit in 'n sin.

In die vroeg christelike kerk was dit so dat die paasgevoel oorheers het. Vir weke lank is daar

gepraat oor die Paasevangelie. Dat Christus leef, dat Christus opgestaan het. Dat Hy opgewek is, dat Hy oor die dood triomfeer.

Dit was die evangelie. Daaroor was hulle bly en in die weke van samekomste en eredienste het hulle dit gevier. In die paasnag het hulle dan dwarsdeur kerk gehou en met hanekraai het hulle kerse aangesteek om te wys dat die lig nou so deurbreek. Die nuwe dopelinge is gedoop. Dit was 'n groot feesvreugde. In die tyd wat hulle oor die paasevangelie gedink het, het hulle onder andere baie grappe vertel en gespot met die dood. Gespot met die laaste groot vyand wat verslaan is, die verganklikheid, die ding wat hulle bedreig, die ding wat aan ons vreet en ons laat kla en sug, wat ons ongelukkig maak.

Die opstandingsevangelie, die finale vyand, die dood, die magte. Want as die dood oorwin is, vir wie kan jy dan nog vrees? Watter magte is daar dan nog oor? Wat kan dan nog erger wees? As Christus die dood oorwin het, het hy alle magte oorwin. Hierdie triomfgevoel, hierdie dankbaarheidsgevoel, hierdie blydskap, dit was aan die hart van die vroeg christelike belewenis van die evangelie, van die kerklike jaar, van die erediens, van die lof wat die vroeë kerk vir God gebring het.

Die evangelie is dat Christus opgewek is uit die dood. **Maar die belangrike punt is nie net dat iemand opgewek is uit die dood nie, MAAR Jesus het opgestaan.** Hierdie Jesus, die gekruisigde, het opgestaan. Daarom was die identiteit van die gekruisigde en die opgestane vir hulle so belangrik. Daarom het hulle hulle vingers in sy hand gesteek. Daarom was daar soveel verskyningsverhale: om duidelik te maak dat hierdie Jesus, wat opgewek is, nie 'n nuwe een, 'n ander een is nie. Dit is presies dieselfde Jesus wat gekruisig is en met wie ons saamgeleef het, wat vir ons gepreek het, wat vir ons vertel het van God, wat vir ons die gelykenisse vertel het, wat die wonders onder ons gedoen het, wat die bergrede vir ons gepreek het, wat vir ons die Onse Vader geleer het.

Hierdie Jesus het God opgewek. En daarmee het God gewys dat Hy Sy goedkeuring plaas, Sy seël van bevestiging op alles wat hierdie Jesus vir ons gesê het, gedoen het, en was. Dit is die paasevangelie, dit was die rede vir die blydskap van die dissipels en die vroeë christene. Dit is hoekom die kerk begin het.

Daarom, as u in Handelinge gaan lees sal u in daardie preke sien dat Petrus-hulle dit vir die mense vertel. Julle het probeer om vir Jesus dood te maak, maar God het Hom lewend gemaak.

As u in die Nuwe Testament gaan blaai, sal u sien in feitlik al die briewe is dit die vroegste, die eerste definisie wat die Christene gebruik het om oor God te praat: die God in wie ons glo, die God wat ons aanbid, wat ons wil prys is nie enige God nie. Dit is die God wat vir Jesus, die Jesus van die evangelie, uit die dood opgewek het. Daarom was die eerste christelike belydenis - **Jesus is die Heer**. Dit was aanbidding, dit was lofprysing.

Om te sê dat die een wat sit aan die regterhand van die Vader, die een aan wie alle mag in die hemel en op aarde behoort, die Een wat waak oor die lotgevalle van Israel, die Een aan wie elke duimbreedte van die hele skepping behoort, is Jesus, ons Jesus. Die Jesus wat vir ons geleer het hoe ons moet lewe. Aan Hom behoort alles. Daarom sal ons nie ons lewens van rigting laat aftrek deur wat ander mense vir ons sê, deur wat die keiser vir ons sê nie. Jesus is die Here.

Die eerste christelike geloofsbelydenis, die Apostoliese geloofsbelydenis, die geloofsbelydenis van Nicea, Athanasius, het almal ontwikkel rondom hierdie belydenis. Dat Jesus opgewek is uit die dood, dat Hy die Heer is. Dat dit dieselfde Vader is in die Ou Testament en Nuwe Testament is. Hy is die Skeppergod, die Vader van Jesus Christus, en dan uit in die Heilige Gees, die kerk ensovoorts.

In 1947, pas na die oorlog, het die beroemde teoloog prediker, Karl Barth, 'n uitleg gehou van die Apostoliese geloofsbelydenis in Bonn. Dit was aangrypende preke wat hy gegee het. In die voorwoord vertel hy dat die hele Duitsland in puin gelê het. Dit was tot 90% verwoes. 'n Rampspoedige tyd.

Hy het soggens vroeg, voor werk, voor die klasse begin het by die universiteit, met die gemeentemense, met die studente gepraat. Hulle het almal saamgestroom in die ou saaltjie wat nog ongeskonde was, waarin hy nog kon praat. Maar terwyl hulle besig was, het die stootskrapers al buite begin om die puin op te ruim. Hulle het al begin herbou. Hy sê dat dit 'n tyd was waarin mense met somber gesigte daar kom sit het. 'n Tyd waarin mense afgeleer het om

te lag. Hulle moes weer van nuuts af begin om te leer wat dit is om te glimlag, wat dit is om dankbaar te wees, om blydskap te hê. Want alles rondom hulle was weg. En in daardie tyd praat hy dan oor die Apostoliese geloofsbelydenis.

*Daar is 'n godsdienstigheid wat met die christelike evangelie absoluut niks te make het nie.*

Dan kom hy by die gedeelte waar gesê word Jesus aan die regterhand van God die Vader sit. Dit is die belangrikste ding wat christene vir hulleself kan sê. Terwyl die stootskrapers hier buite stoot aan die puin, sit Jesus aan die regterhand van God die Vader. Terwyl die kerk verdeel en verwoes is, terwyl Duitsland in puin lê, terwyl ons nie werk het nie, terwyl ons arm is, terwyl ons nie kos het om te eet nie, terwyl ons nie huise het nie, sit Jesus aan die regterhand van die Vader.

Die regterhand van die Vader beteken in die Ou Testament die mag van God. Die vroeë christene het herhaaldelik gesê: Jesus sit aan die regterhand van die Vader, die Jesus wat vir ons die bergrede gelewer het, wat vir ons die Onse Vader geleer het, die Jesus wat vir ons geleer het van die koninkryk van die hemele, die Jesus wat in die wonderwerke sy barmhartigheid gewys het, die Jesus wat in die wereld so onwelkom is en verag word, wat deur Pontius Pilatus, die verteenwoordiger van die Romeinse Ryk, deur die Joodse owerstes, die godsdienstige leiers van die volk, gekruisig is, die Jesus sit aan die regterhand van God. Aan Hom behoort alle mag in die hemel en op aarde.

Dit is die evangelie. Dit is in reaksie daarop dat christene bly word en God loof en prys en God verheerlik.

*Dis 'n vroomheid wat opkom uit 'n behoefte uit 'n mens se hart aan warmte en gemeenskap en aan lekker sing of lekker blywees of kerkhou*

Ek hoop u sien in waarom ek in die begin gesê het dit is nie so eenvoudig nie. As dit nie die inhoud van ons lofprysing is nie, as dit nie die motivering vir ons lofprysing is nie, as dit nie die God en die Christus is vir wie ons prys nie, is ons dalk besig met lofprysing, maar nie met 'n eg christelike lofprysing, as reaksie op hierdie evangelie nie.

En sulke ander vorme van lofprysing is baie wyd verbreid in die wereld. Daar is ook 'n lofprysing wat opkom uit die natuurlike normale godsdienstigheid van mense - ver buite die grense van die christendom.

By alle godsdienstige tradisies, tot by die animisme, die mees eenvoudige, primitiewe gemeenskappe, kry jy mense wat dans en op tromme slaan en sing en te kere gaan.

Jy kry variante van dans rondom 'n vuur en op tromme slaan en om God op te wek en die maan en die son tevrede te stel en om jouself beter te laat voel en om jouself in 'n blydskap in te werk, 'n ander gemoedstoestand, stemming te gee en jou te laat goed voel. Jy kry variante onder die mees gesofistikeerde, mees intelligente, mees beskaafde westerse mense.

*...hulle prys en hulle loof en hulle is vrolik, dit is so 'n algemene godsdienstigheid.*

Dit is godsdienstigheid wat met die christelike evangelie absoluut niks te make het nie. Dit is vroomheid wat opkom uit 'n behoefte uit 'n mens se hart aan warmte en gemeenskap en aan lekker sing of lekker blywees of kerkhou, waar dit vrolik gaan en almal bly is. Dan kry jy dieselfde soort gevoel wat jy Vrydagaand by die konsert gehad het of Saterdagaand by die disko ervaar het, Sondag in die kerk. Dit is dieselfde lewensgevoel.

Dit is aangenaam, almal is gelukkig, hulle sing, hulle is bly, want hulle in elk geval, hulle is in elk geval vrolik. Die lewe is vir hulle aangenaam. Hulle voel hulle leef voor die Skeppergod se aangesig. God is vir hulle goed, hulle is bly, hulle het baie rede om dankbaar te wees. Die lewe is aangenaam, hulle prys en hulle loof en hulle is vrolik, dit is so 'n algemene godsdienstigheid.

Dit is opreg bedoel, dit is goed bedoel, maar met die doksologie, met die egte christelike lofprysing wat ontstaan as 'n reaksie, 'n antwoord op die evangelie, dat Jesus leef, het dit niks te maak nie.

Dit is die eerste verband wat 'n mens uit die oog kan verloor en dan die lofprysing skeeftrek. Lofprysing ontspoor wanneer dit nie meer 'n reaksie as antwoord op die evangelie is waar alles begin nie, maar 'n uitdrukking is van jou eie emosionele behoeftes, stemminge, begeertes.(WORD VERVOLG)

Dirkie Smit
Univ vanWes-Kaapland

ISSN 1017-6837 VDM jg 4/1 Januarie 1995

# Paulus, Petrus en Timoteus se bekerings toe nie bekerings nie.

In die Pinksterisme moet daar gereeld geluister word na die tipe bekerings volgens die sogenaamde voorbeelde in die Bybel. Paulus is dan 'n voorbeeld van 'n ingrypende bekering, Petrus van 'n berouvolle bekering en Timoteus van die "verbondsbekering"(met die tyd saam).

Met die Paulus voorbeeld word mense gekonfronteer dat hulle 'n radikale breuk met die sonde moet maak, dan sal God hulle aanvaar. Met die Petrus voorbeeld word mense tot trane gedryf voor hulle verseker word van hulle saligheid en die wat nie hierdie ervarings kan beleef word getroos dat hulle maar kan berus in hulle "Timoteusbekering".

Met hierdie bekeringsvoorbeelde of tipes word die kerk dan verlei om bekering te aanvaar as die wyse waarop die saligheid verkry word. Selfs al het jy nie die bekeringservarings beleef wat as voorwaarde gestel word nie, moet jy ook glo jy het 'n bekering gehad het, al weet jy nie daarvan nie. Hierdie onbewuste bekering as weg van saligheid is die Timoteus ene.

Wat 'n mens dadelik opval in hierdie bygeloof is dat daar nooit voorbeelde voorgehou word van mense wat deur geloof alleen sonder die bekering van die wet tot redding gekom het nie.

*Voorbeelde van mense wat deur geloof alleen sonder die bekering van die wet tot redding gekom het word nie gewys nie*

Hierdie bekeringstipes uit die Bybel skep 'n skaduwee oor die geloofwaardigheid van die Evangelie binne in die Bybel. Paulus verkondig die boodskap van redding deur geloof alleen, maar hyself het tot redding gekom deur 'n radikale bekering, nie geloof alleen nie. Petrus leer in sy eerste brief dat die wedergeboorte deur die Evangelie is (1Pet.1:22-24), maar hyself het tot ware redding gekom deur 'n berouvolle bekering en Timoteus word deur Paulus aangemoedig om te verkondig dat God ons red nie op grond van ons dade nie, maar deur genade alleen (2 Tim. 1:8-11), maar vir die kerk van alle eeue is hy 'n voorbeeld dat hy self gered is deur stil - stil van kleinsaf te bekeer, al het hy dit nie geweet nie.

Indien hierdie bekeringstipes waarlik die inhoud van die Skrif is, dan dra die Bybel in homself 'n antitese wat net die siniese wetenskaplikes van die dag kan regverdig met objek- subjek modelle en net onge-rgdes en onverskilliges kan aanvaar. As jy jou godsdiens kan bou op waarhede wat mekaar opponeer kan jy nie ernstig met die godsdiens wees nie.

Hulle wat erns maak sal moet vra: is die bekerings van Paulus, Petrus en Timoteus volgens die Bybel regtig hierdie bekerings soos aan die kerk deur die kansels voorgehou in die Pinksterisme?

## Paulus

Die Here verskyn aan Paulus en sê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?" Paulus val nie neer en bely wat hy gedoen het is verkeerd nie. Hy vra nie die Here om vergifnis nie. Hy beloof nie om voortaan vir God te leef nie. Hy vra: "Wie is U, Here?" Die vraag, nie van 'n berouvolle sondaar nie, maar 'n verbysterde fanatikus wat alles van God weet( ...In my ywer 'n vervolger van die kerk, in onderhouding van die wet van Moses om vryspraak te verkry, onberispelik Fil. 3: 5,6)

As die Here homself bekend maak sê Hy nie vir Paulus nou dat hy weet wie hom gekeer het en met hom gepraat het, hy moet tot bekering kom nie. Daar word vir hom gesê waarheen hy moet gaan en daar sal vir hom gesê word wat hy moet doen. Wat word vir hom gesê moet hy doen? Nie sy sondes bely, sy hart vir God gee of 'n volle oorgawe te maak vir God nie, dit het hy as Fariseër elke dag volgens die Tien gebooie gedoen.

Daar word vir hom gesê dat hy deur Jesus gekies en aangestel is as apostel vir die heidennasies. Dit word vir hom in sy reddeloosheid en ongeloof as vervolger van die kerk gesê. Nie as bekeerde wat sy Here wil dien nie. Meer, Paulus het nie na Reguitstraat gegaan as bekeerde wat gaan wag het vir sy sending opdrag nie, nee, die Here het hom blind gemaak en soontoe laat vat. Hy het nie 'n keuse gehad nie.

Volgens Lukas is die Gees aan die apostels gegee om getuies te wees.(Luk.24:49 en Hand.1:18) Paulus word die hande opgelê om dieselfde Gees te ontvang as wat Petrus en die ander apostels ontvang het in Hand. 2. Ook hier gaan

dit nie om 'n bekering terwyl Ananias hom die hande oplê nie. Dit gaan om die insalwing tot apostel. Nerens was dit ooit die bedoeling van Lukas om van Paulus se bekering te berig nie, dit is hier gewoon nie belangrik vir Lukas nie.

Wel gaan dit om te vertel hoe die verheerlikte Jesus 'n wetsgeleerde fanatikus, met sy daaglikse en radikale bekerings en al, in sy spore stop en van hom 'n apostel maak terwyl hy nie eers weet wie met hom praat nie.

Jesus het nie bekeerdes nodig om sy Evangelie uit te brei tot aan die uithoeke van die aarde nie. Hy is nie afhanklik van die twaalf dissiples wat hom drie jaar gevolg het nie. Die apostel Petrus en Jakobus was juis weerspannig om die werk te aanvaar wat die Here Paulus sou laat doen. Daar is nie eers 'n dissipelskap kursus nodig nie. Hy vat sommer 'n vervolger van die Here en maak hom 'n apostel vir die heidennasies. Jesus is die Here wat self sy kerk laat uitbrei. Dit is die boodskap.

Daarom verduister die opskrif in die NAV "Saulus se bekering" juis hierdie heerlike verkondiging van die Here wat self die Evangelie uitdra deur 'n ongelowige as apostel te roep.

Die ander berigte oor Paulus se roeping tot apostel word in Lukas 22:1-20 en 26:1-23 weergegee. Die doel van die Damaskus verskyning word so gegee: "Die God van ons voorvaders het jou uitgekies om sy wil te ken, die Regverdige te sien, en sy stem te hoor want jy sal vir alle mense sy getuie wees van wat jy gesien en gehoor het." 22: 14 en "Maar staan op, staan regop. Ek het aan jou verskyn om jou as my dienaar aan te stel Jy moet getuie wees vwan wat jy van My gesien het en van wat Ek jou nog sal laat sien." 26: 17.

Die verskyning van Jesus aan Paulus op die Damaskus pad is nie 'n visioen of bekering nie, maar is presies dieselfde tipe verskyning van Jesus soos aan die apostels na sy opstanding. Dit is wat Paulus in 1 Kor. 15: 8 verduidelik. Net soos die twaalf en ander Jesus gesien het na sy opstanding so het Jesus ook aan Paulus verskyn en het hy die Here gesien.

Die doel van die verskyning was dat Paulus presies dieselfde status en roeping sou hê as hulle wat saam met Jesus geleef het. Met hierdie verskyning was Paulus verhef tot apostel. Die kenmerk van apostel was dat 'n mens die Here moes gesien. Nou het Paulus ook die status gehad. Gal. 1: 15 en 8.

*Met hierdie verskyning was Paulus verhef tot apostel. Nêrens het Paulus die verskyning gebruik om vir mense te vertel van sy radikale bekering nie.*

Nêrens het Paulus die verskyning gebruik om vir mense te vertel van sy radikale bekering nie. Van so bekering is op die Damaskuspad gewoon nie sprake nie. Dit is 'n leuen van die predikers van die Pinksterisme. Dit blyk duidelik uit Paulus se eie woorde in 22: 16. Dit was nie op die Damaskuspad dat Paulus tot bekering gekom het nie, maar in Reguitstraat waar hy tot geloof gekom het. Op die Damaskuspad het hy bloot gevra: "Wie is u?"

Die oproep van Ananias laat jou doop nadat jy sy Naam aangeroep het, vind in Reguitstraat plaas. "Die Here aanroep" is nie om jou sondes te bely, jou te bekeer van jou sondes, berou te hê oor jou sondes, jou lewe vir God te gee nie, jou aan God se wil oor te gee nie. Dit het Paulus alles as Fariseër elke dag en radikaal ook gedoen. Fil. 3: 6.

"Die Here aanroep" is om in Hom te glo, om alleen maar te glo dat Jesus die Seun van God is en ons sondes vergewe enkel en alleen omdat ons in Hom glo. Dit is na die geloof in Jesus gestel is dat Paulus in Reguitstraat gedoop is. Daarom kan Paulus dadelik begin verkondig, nie hoe hy radikaal tot bekering gekom het en ander oproep om ook so tot bekering te kom nie, maar verkondig Jesus is die Seun van God. Hand. 9: 20 . Hy het hom gesien as uitverkore apostel.

Niemand kan en mag hom hierdie eenmalige ervaring toe-eien nie. Hoekom nie? Want dit was Jesus se laaste verskyning voor sy weerkoms. Daarom sê Paulus in 1 Kor. 15: 8 Jesus het laaste aan hom verskyn. Om van hierdie verskyning 'n model vir bekering te maak misken die Evangelie en die inhoud van die bedoeling van die Skrif. Dit is nie maar net nog 'n geldige eksegetiese sleutel nie.

Om uit die werk van die apostel so 'n ervaring te rekonstrueer as 'n model vir bekering is gewoon teenstrydig met die inhoud van die Evangelie. In 2 Kor. 12: 1-7 vertel Paulus dat hy ook sulke ervarings kan berig, maar om daaroor te berig en

dit as godsdiens te verkondig, is dwaasheid. Die hele betoog in 2 Kor. 11: 1 - 12: 21 gaan oor valse apostels wat sulke ervarings gebruik om weer die wet as weg van saligheid te verkondig. Dit vernietig die boodskap van redding deur geloof alleen en is dwaasheid. 2 Kor. 3.

Daar het jy dit. Paulus het nie op die Damaskuspad tot bekering gekom nie. Waar kry die predikers hierdie bekering? In Reguitstraat? Dit kon ook nie in Reguitstraat gewees het nie. Daar het Paulus tot geloof gekom wat iets heeltemaal anders is as om jou sondes te bely, berou te hê oor jou sondes en te beloof om nou radikaal anders te gaan lewe. Dit het glad nie in Reguitstraat plaasgevind nie. Hierdie tipe bekerings het Paulus gehad vandat hy aan die voete van Gamaliël gesit het tot en met die geloof van Reguitstraat. Daar het dit opgehou en het dit nie weer gebeur nie. Paulus self sê dat na die geloof van Reguitstraat hy die tipe bekerings as waardeloos beskou en dit beskou as iets wat in sy lewe verby is. Fil. 3: 3 - 14.

Om uit die Here se verskyning op die Damaskuspad 'n bekeringspreek te maak verduister die Evangelie en die werk van Paulus so dat jy jouself tot die rang van 'n dwaas verlaag - dit is volgens Paulus. Die getuienis van die kerk gaan nie oor hoe mense hulleself bekeer nie, maar oor Jesus alleen en oor hom as die gekruisigde. Pinksterisme is nie 'n variasie op die Evangelie nie, dit is 'n verduistering daarvan.

Petrus Kriel
Ned Geref Kerk Levubu

---

# HELDER KLANKE UIT AMERIKA!

## But you can see the love on their faces

"I'v found new life. Joy. Happiness. Purpose. Love." Sulke getuienisse word gereeld deur Christene geuiter. Die slegte nuus is dat kultusse ook roem op veranderde lewens en geestelike mylpale.

Die klem op subjektiewe godsdienstige ondervindings lei daartoe dat mense "Evangelicals" verwar met radikale groepe wat ook veranderde lewens, getuienisse van vreugde, glimlaggende gesigte ensovoorts ten toon stel.

Baie mense wie se geloof nie stewig veranker is nie soek hulle sekerheid in subjektiewe belewenisse. Hulle beveilig hulleself met: "I'm not prepared to argue doctrine. All I know is I am a new person." Hierdie toevlug kan natuurlik nie intellektueel getoets word nie. 'n Ander voorbeeld hiervan is 'n reël uit 'n gospel liedjie: "You ask me how I know He lives? He lives within my heart."

Baie mense ondergaan dramatiese veranderings as hulle bekeer word tot "an encounter group, a meditation group, Marxism, or a cultic religious community." Dit is so want alle bekeringservarings het dieselfde algemene sielkundige gevolge.

In high school I attended a youth rally, in which the guest speaker was a recently converted beauty queen. In her testimony she attributed all of her success to her faith in Jesus Christ. I then wondered if her conversion was the only reason for her success. During her talk I repatedly remembered her vital statistics, which had been printed in the previous week's Sacramento Bee. Had they not been a factor.

What about the other Christians in the contest? Did they lack faith, or bustlines?

I had brought a nonbelieving friend to the meeting in hopes of introducing her to Christ. She was about ninety pounds overweight and was convinced she was dying of terminal acne. During the testimony she quietly whispered to me, "If I accept Christ, do you think He would help me become a beauty queen?"

Sulke getuienisse verwar nie net soekende mense nie, maar laat ook gelowiges oneindig skuldig voel omdat hulle nie soos die voorgehoue Christelike model kan wees nie.

As resultate in ons lewens en ons harte die evangelie is dan is enige iemand se ervarings met meditasie of wat ook die evangelie, want die kriterium is dan verandering en nie Christus nie.

Continually I meet believers who condemn themselves because their experience of Christ

doesn't seem quite as vibrant or succesfull as someone else's.

Wonder jy soms of jy nutteloos is vir God omdat jy nie 'n groot geestelike ondervinding gehad het nie? Voel jy soms soos 'n tweede klas christen omdat jy een of ander moeilike gewoonte, sonde of probleem het wat jy nie kan laat staan nie? Indien wel, pasop dan is jy 'n gerieflike prooi vir een of ander kultus of groep wat vir jou resultate sal waarborg.

Gelowiges in die Bybel het geworstel met hulle lewe, swakhede en selfs mislukkings. Dawid, 'n groot leier wat deur God gebruik is, het baie morele probleme en moeilikhede as 'n vader. Moses was deur God geroep, maar het stil geveg met sy verskriklike humeur. Paulus en Petrus het 'n ernstige meningsverskil gehad. Paulus, Markus en Barnabas se weë het uit mekaar uit geloop as gevolg van verskille. Hebreërs 11, die groot hoofstuk oor geloof, praat nie van geloof in die konteks van sukses nie. Inteendeel, it says that many "by faith" were beaten, stoned, sawn in half, tempted, afflicted and socially rejected. Sulke getuienisse is nie die evangelie nie. Die evangelie is iets objektief en buite onsself-voltooid en afgehandel in Jesus Christus. Die evangelie word nie gevestig deur ons gevoelens, gemoed of veranderings nie, hoe geldig dit ook al mag wees.

Wanneer die resultate verwar word met die boodskap neig mens om die basis van die Christelike lewe te verskuif van ons geloof in Christus, want ons vergelyk onsself nou met "the most current religious hero".

Karl Marx once said, "The Christian world is only a reflection of the real world." Miskien het hy ons beter verstaan as wat ons onsself verstaan.

Die evangelie egter is gebaseer alleen op die objektiewe werk van Christus en die Bybel is duidelik dat ons Christus moet preek en nie die evangelie van resultate nie. Hierdie suiwere evangelie beskerm ons sodat ons nie altyd hoef te soek na die ontwykende "something more" nie.

**Verkorte verwerking van 'n hoofstuk uit Unholy Devotion deur HL Brussèll. Uitgegee deur Zondervan. Sien ook advertensie hieronder.**

**Mike Heaney**
**Ned Geref Kerk Machadodorp**

orion

*Die* WOORD *vir die mense*

**Die Saaier**

**deur Hannes Burger**

-'n Nuwe en ander manier manier om vyftien mooi Bybelstories aan kinders te vertel.
-Die Bybelstories is waar tov die "woord"
-Die eerste praktiese preekgids vir predikante en jegleiers wat met jonger kinders werk.

Bestel nou "die Saaier" vir slegs R 43.95 by


**ORION**

Posbus 860
2110 MONDEOR
Tel: (011)942-3030

ISSN 1017-6837 VDM jg 4/1 Januarie 1995

# Sektewese

*VIER belangrike verskille in geloofsoortuigings tussen die KERK en die SEKTES, nl:*




* *Dit gaan nie oor "DAT" jy glo nie, maar veraal oor "WAT" jy glo. Toets enige "Evangelieverkondiging" aan "watter prentjie" dit by jou wil skep.*

**Johnny le Roux**
**Ned Geref Kerk Rietkuil**

# As die ryk verkrummel.

Ten spyte van die uiterlike vroomheid van Konstantyn die grote om Christus monogramme op sy troepe se skilde aan te bring was dit eintlik maar die begin van die einde. Die aanbring van hierdie monogramme was bloot om die kwynende mag van die Romeinse ryk te probeer herwin.

Julius Caesar het dit nie nodig gehad nie, nie Augustus, nie Tiberius, nie Caligula, Claudius of Nero nie. Die Romeinse ryk was toe in brute mag geanker. Konstantyn het dit egter nodig gehad want die Ryk was op sy pad uit.

Dit was ter wille van die eenheid van die Romeinse ryk dat hy as keiser, kerklike eenheid wou hê en kerklike vergaderinge belê het. Die eenheid van die kerk moes die magsbasis van 'n vervalle ryk in stand hou.

Daarom kon hy die dwalinge van Arius eers teengaan as keiser maar later weer vir Athanasius in balling laat gaan, juis omdat Athanasius teen die Ariaanse dwaling gekant was. Hierdie wisselvallige optrede van die keiser was twv die ideologiese magsbasis: een kerk vir een ryk. Dit het nie saak gemaak watter kerk en watter belydenis nie, want die ware kerk het nou bloot 'n staatsdepartement in ryksbelang geword.

Die kerk wou ook eenheid hê, want eenheid is mag. Hierdie eenheid wat groter is as die belydenisverskil tussen Arius en Athanasius kon slegs deur die Rooms katolieke bygeloof aan die kerk besorg word.

So is eenheid in die waarheid van die geloof veruil vir eenheid deur mag. Die kerk se verkryging van hierdie mag twv die ryk, het die pous met nuwe status beklee. Hy was nou beskermheer van Rome teen die Hunne en Vandale. Terselfdertyd het dit ook die pous se besluite met die mag van keiserlike edikte beklee. Wat Konstantyn begin het, het pous Leo 1 voltooi. Die kerk het die toevlugsoord vir 'n magsbasis geword van die verkrummelende Romeinse ryk .

Dit gebeur as die ryk verkrummel. Die wat mag soek vlug in die kerk in om uit die geloof as magsbasis die ou rykspolitiek te voer.

So stil-stil het nog 'n ryk verkrummel. Afrikaner - sosialisme het sy staatsmag verloor en so ook die beheer oor elke ander bedryf met die verkrummeling van rade en besture. Verdwaas moes ons kyk hoe FAK kongres besluite toe so stil-stil sinode besluite word. Ou rykspolitiek deur die kerk as magsbasis.

Die ooreenkomste is ontstellend as mens sien dat kerklike oorlewingsvrae in sy belydenisinhoude van die agendas weggehou word, om nie die noodsaaklikheid van 'n eenheid ter wille van vervalle ryksbelange te bedreig nie.

Die kerk mag nie verdeeld wees oor die waarheid van die Evangelie in 'n tyd waar eenheid vir mag nodig is nie. Hierdie eenheid waar keisers nie kerklike stryd in die oorlewing van sy geloof kan duld nie.

Dis duidelik 'n nuwe magsbasis moet gekry word want die politieke magsbasis het verkrummel. Hulle gaan dit nie op kulturele vlak kry nie. Al waar hulle dit kan kry is op 'n geestelike vlak.

Daarom die die druk op die kerk om 'n eenheidsfront met die pinksterisme en soms lyk dit selfs die Sionisme te soek.

Die enigste goeie nuus is Christus regeer die kerk deur die evangelie en die evangelie sal nooit ingeperk kan word deur magspolitiek nie.

Athanasius

## Rekening aan die kerkraad

'n Kerkraad in Holland het 'n skilder opdrag gegee om skilderye en beelde in die Kerkgebou 'n bietjie op te knap. Toe die werk afgehandel is, het die Kerkraad die volgende gespesifiseerde rekening ontvang:

| | |
|---|---|
| De Tien geboden verbeterd en gecorrigeerd | 28.00 |
| Een moordenaar aan het kruis schoongemaakt en vier vingers aangezet | 44.00 |
| Pontius Pilatus gewassen en nieuw bont op zijn muts | 64.00 |
| Een vlerk van de engel Gabriël verguld en slagpennen aangezet | 44.00 |
| De diensmaagd van Kajafas drie maal geschropt, gelymd en nieuw karmozijn op de wangen gedaan | 96.00 |
| De haan van Petrus een nieuw staart ingezet en de kam van de haan opgezet | 44.00 |
| Voor Maria Magdalena een nieuw kindje bijgemaakt, ook fris opgestopt en karmozijn op de wangen gemaakt | 110.00 |
| De hemel in het Oosten vernieuwd en sterren daarbij gemaakt | 86.00 |
| Het vagevuur opgehaalt en enige zondaars gerepareerd | 32.00 |
| De hel aangevlamd, vier zondaars met ketenen bijgemaakt en de Duivel een nieuw staart aangezet | 64.00 |
| Al de oude dominees en kerkraadsleden aan de pilaren van de kerk opgehangen | 44.00 |

Ingestuur deur Miemie Roux
Met erkenning aan: Vir die Musiekleier, Desember 1994

ISSN 1017-6837 VDM jg 4/1 Januarie 1995

# SKRIF AAN DIE MUUR !

**Liefde van ver oor die see!**

Geagte Redakteur

Omdat ek tien maande van die jaar in die buiteland werk, sukkel die pos maar om by ons uit te kom.

Ek moet die redaksie en medewerkers gelukwens met julle inisiatief. Daar is sekerlik 'n behoefte aan 'n mondstuk vir gereformeerde denke. Veral die kritiese ontleding van sekere tendense in die kerk, kan vorentoe van groot rigtinggewende belang wees.

Omdat dit voorkom asof VDM 'n gespreksforum wil wees om ons leer suiwer te hou, misbruik ek ook sommer die geleentheid om saam te praat. Ek is nou byna drie jaar in die Comores besig met sendingwerk. Dit is redelik geïsoleerd hier, gevolglik is dit ook die bevrediging van 'n behoefte om by die gebrek aan betrokkenheid by Rings- en Sinodale werk, 'n bietjie op hierdie vlak saam te kan gesels. Dis ook interessant hoe 'n mens se beskouings verbreed as jy uit 'n ander hoek en konteks kyk.

Baie dankie vir die artikel (VDM 2/1) wat poog om die foute in die kerk bloot te lê. Die diagnose van groeiende Arminanisme in die kerk is korrek. Die prognose is skokkend donker geskets. Glo die skrywer regtig dat ons Belydenisskrifte sommer so sito-sito uitgegooi word? Kom ons gesels oor die behandeling.

In die artikel is slegs gesê dat "Ons moet besef dat ons in dieselfde paradigma as die pinksterisme dink en daarvan verlos moet word." Die skrywer het aangetoon dis waar, maar wat verder onder "Oplossing vir die situasie" gesê is, is eintlik maar net 'n uitbreiding op die probleemstelling. Daarom laat dit beslis ruimte vir 'n gesprek.

Voordat ek by enige oplossing kom, moet ons besef dat die kruipende Arminianisme nie nuut is in ons Ned Geref Kerk nie. Daar het maar konstant so 'n systroom in ons teologiese denke beland via die Skotse invloed in ons kerk die vorige eeu. (Dr BJK Andersen se proefskrif toon dit duidelik aan.) Dit het ons Enkel Gereformeerde broers nog altyd met reg teen ons gehou, soos dr Vic D'Assonville se gewraakte verwysing na die Ned Geref Kerk 'n klompie jare gelede dat 'n jakkals van hare, maar nie van streke verander nie. Dit is wel waar dat met die opkoms van die neo-pentekostalistiese charismatiese groepe die afgelope tyd, die stroom weer nuwe momentum gekry het.

Andersyds moet ons ook besef dat die modernisme ook in sekere kringe in ons kerk sterk kop uitsteek. In Europa vandag is baie van die streng Gereformeerde teoloë weer aan die anderkant van die wa af met 'nuwe interpretasies' oor sake soos die feitelikheid van die Opstanding en homoseksualisme. In die verband is dit interessant dat die Arminiane in die Engelssprekende wêreld meer 'behoudend' is - hoewel hulle m.i. weer erg fundamentalisties neig. Die feit is dat die meeste sendelinge in Afrika en die Ooste vandag uit daardie kringe kom. Ons vind dan ook by hulle verskeie nuanses wat meer of minder 'suiwer' Arminiaans kan wees. Ek werk byvoorbeeld as sendeling onder Africa Inland Mission (daar is nie 'n ander moontlikheid hoe ek hier kan werk nie) in 'n span saam met 'n aantal buitelanders. Daar is onder meer Switserse 'Evangeliese' Christene, Engelse en verskillende Amerikaanse Baptistekerke verteenwoordig in ons groep. Dis interessant dat al bogenoemde groepe 'n suiwer sonde- en verlossingsleer het (hulle erken die totale verdorwenheid van die mens), maar 'n erg verwronge sakramentbeskouing en eskatologie. Daar is verskille oor die uitverkiesing. Die Switserse en Engelse Baptiste se uitverkiesingsleer is gereformeerd, die Amerikaanse Baptiste verskil: Een is gereformeerd, die ander is Arminiaans. (Hulle leer die uitverkiesing berus op God se vermoë om vooraf te weet hoe 'n mens sou kies - dus op die mens, nie op die soewereine God nie.

Die feit is dat ons hier totaal op mekaar aangewese en van mekaar afhanklik is. Dit is nogal 'n ondervinding om te besef ons is hier saam kerk, die liggaam van Christus. Ons glo almal in Hom en dit is die doel van ons hier wees, maar ons kom uit elke denkbare agtergrond. Natuurlik is dit nie maklik nie, maar die keuse is nie baie wyd nie: Af jy aanvaar die ander as deel van die liggaam van Christus en werk in liefde met hulle saam, Af jy verwerp hulle saam met hulle Arminiaanse beskouings en doen jou eie ding. Kies jy laasgenoemde (en ons het diesulkes ook al hier gehad) dan beduiwel dit die hele groep se getuienis, want hoe kan jy die boodskap van liefde uitdra as die Christene nie eens kan saamwerk nie? Kies jy eersgenoemde (en dit is wat ons almal gedoen het) beteken dit dat jy

mekaar se sienings respekteer en mekaar in liefde moet aanvaar. Dit is moeilik maar moontlik.

Dit beteken natuurlik dat ons ook oor die onderwerpe moet praat waaroor ons verskil, maar sonder om bedreig te voel of om te bedreig. Dis nie maklik nie, omdat mense dikwels erg emosioneel redeneer, veral as iemand die grond van jou bestaansreg bevraagteken. Dan is dit ook waar dat hoe meer emosioneel mense redeneer, hoe minder stewig is die argument op die Skrif gegrond. As dit wel in liefde en wedersydse respek gebeur, word dit vir almal opbouend.

Die probleem dus wat ons as Ned Geref Kerk moet aanpak, is om waarlik suiwer Kerk van die Here te wees, sonder om onnodig die liggaam van Christus te verskeur. Ons sit met 'n historiese situasie waarin ons gewoond was om al die ore bymekaar te sit, al die oë, al die neuse, al die monde, al die bene, ens. Ons het in Suid-Afrika 'n hele boel monstertjies - van dansend geraasmaties tot Enkel Gereformeerd - met alle moontlike en onmoontlike skakerings tussen-in. En dan nog 'n swetterjoel van elk vir elke bevolkingsgroep. Die positiewe aspek van die probleem wat aangespreek is, is dat in die tydsgewrig waarin ons in Suid-Afrika beweeg, 'n ontwakende gevoel is dat Christene nader aan mekaar moet kom. Dit is goed, maar dit moet gebeur sonder om ons beginsels prys te gee.

Ek het nie al die antwoorde nie, maar my gevoel is dat die oplossing in die uitlewing van die liefdesgebod gevind moet word. Dit beteken onder meer 'n daadwerklike liefde vir die mense wat die Arminiaanse en ander verdraaide beskouings aanhang, sonder om hulle dwalings te aanvaar. As ons begin by dit waaroor ons eens is, het ons heelwat meer om op te bou as wat 'n mens aanvanklik dink. Ons hoef nie terug te staan, soos die artikel aantoon, en hulle navolg nie. Ons het 'n stewige erfenis wat die toets van die Woord en die tyd deurstaan het. Ons kan (en moet) leiding neem in 'n nuwe inisiatief om alle Christene nader aan mekaar te kry. Dis moontlk, maar dis 'n moeisame proses. Veral as jy met mense te doen het wat nie Skrifgebonde is nie. Dit maak my wiele pap as Christene hulleself erg emosioneel regverdig met "Maar die Heilige Gees het vir my gesê..." maar dit maak nie dat ek hulle minder moet liefhê nie. Hulle moet juis begelei word om saam te luister na die Woord, omdat die Gees nie anders kan lei as die Woord nie.

Ek weet nie of daar 'n ander moontlike oplossing is nie.

Seënwense.

Dawie de Wet
Potchefstroom-Miederpark, Comore-Eilande

---

**Kategese vs Teologiese insig?**

*Geagte redakteur,*
*Baie dankie vir VDM no 5 en ook die vriendelike herinnering aan voortgesette intekengelde. Bly verseker van my voortgesette steun en waardering vir 'n skitterende tydskrif. Verdra die eiewyse kritikaste met die troos en liefde wat die suiwer Evangelie skenk. Tydens 'n Pinkster-reeks betreffende "Gereformeerde Herlewing" het 'n dierbare ouderling my jare gelede bemoedig met die woorde: "Dominee, as hulle tjank moet jy weet jy het hulle raak getrap!" Natuurlik is die bedoeling nooit "om te trap" nie. Wie nie oop vir oortuiging in die suiwer evangelie wil wees nie, speel dikwels self martelaar met die opvatting: "Dominee, ons sal mekaar tog nie verstaan nie, ons is nie op dieselfde 'geestelike vlak' nie!" Die tempo waarteen teologiese insig groei na 'n "Groot Doop" en "ses maande gebedsel" verbaas my steeds!*

*Nietemin. Vind hierby ingesluit 'n skematiese raamwerk om katkisante in die Belydenisklas verskillende persepsies tussen Gereformeerdes en Charismatici te help onderskei. Terloops, ek vind "Leer uit die Woord 6" meer bruikbaar as "Glo en Bely" vir die belydenisklas. Sou die nuutste en lank verwagte "So glo ons" met kernaantekeninge daarby, nie beter geskik kon wees nie? Laasgenoemde pragtige publikasie verdien om meer breedvoerig ondwer die aandag van veral voornemende Belydende lidmate van die Kerk gebring te word.*

*Nogmaals baie dankie vir jou entoesiasme en volharding met VDM. Sterkte vir die bediening.*

*Liefdegroete in ons Here.*

*Johnny van Zyl*
*Ned Geref Kerk Rietkuil*

ISSN 1017-6837 VDM jg 4/1 Januarie 1995

# DIE GEREFORMEERDE VERLOSSINGSLEER

## 1. VERWARRING ONDER LIDMATE OOR DIE VERLOSSINGSLEER

Deur die jare het dit gebeur dat mense in die war gebring is oor die Gereformeerde leer van verlossing. Dit was die gevolg van hulle "kontak met 'n soort prediking en spiritualiteit wat deur ander geloofstradisies - soos die Arminianisme en Anabaptiste - gestempel is"(Verslag van die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk 1990 oor: Geloof: Gods werk of mensewerk?).

Die aanvaarding van hierdie verslag deur die Sinode toon dat die kerk in breë verband uit een mond praat en nogeens opnuut verkies het om die standpunt van die Reformasie te onderskryf.

Dat daar verwarring in die Ned Geref Kerk oor die verlossingsleer bestaan, moet dus nie soseer aan die verkondiging van die suiwer evangelie gewyt word nie, maar aan ander invloede.

In 'n sekere sin kan dus gesê word dat predikante van die Ned Geref Kerk ook die skuld vir die verwarring moet dra omdat hulle dikwels 'n evangelie aan mense verkondig het wat vreemd was aan die Reformasie.

Gereformeerdes het deur die eeue probeer om die verhouding tussen God se genade en die mens se verantwoordelikheid so te beskryf dat **aan God al die eer** vir ons verlossing toekom. Hulle het met hierdie standpunt hulself verset teen standpunte van Pelagius, die semi-Pelagiane en die Remonstrante wat die rol van die mens oorskat het. Dit is duidelik dat daar in 1994 steeds mense in die Ned Geref Kerk is wat dieselfde afwykende standpunte huldig.

## 2. TWEE STANDPUNTE

Daar bestaan verkeerdelik die gedagte dat daar **twee aanvaarbare** standpunte oor die verlossingsleer in die Ned Geref Kerk is. Wie homself **gereformeerd** noem, sal nie hiermee tevrede kan wees nie. Daar mag twee standpunte bestaan, maar die een is gereformeerd en die ander nie. Ons kan die twee standpunte as volg uiteensit:

## A. SONDE

**EERSTE MOONTLIKHEID (nie gereformeerd)**
Die mens is 'n sondaar, maar beskik tog oor 'n **vrye wil** om vir of teen die Here te kies. Volgens hierdie voorstelling word die mens wel "met behulp van die genade gered" en moet jy, om gered te word, "tog op die een of ander wyse jou inset...lewer deur te kies om van die genade gebruik te maak, daarmee saam te werk of minstens uit eie beweging gewillig...wees om dit te ontvang" (Verslag van die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk 1990 oor: Geloof:Gods wek of mensewerk?)

Hierdeur word die diepte van die mens se sonde nie erken nie is die spore van Pelagius en die semi-Pelagiane duidelik. Hulle standpunte kan kortliks as volg uiteengesit word:

**Pelagius (Ierse monnik in 5e eeu)**
a) Die mens is sterflik geskape.
b) Adam was nie heilig nie, maar neutraal met die wil om te kies vir die goeie of die kwaad .. hy het vir die kwaad gekies.
c) Daar is nie so iets soos die erfsonde nie.
d) Die tydelike dood is nie 'n straf op die sonde nie, maar alleen die ewige dood.
e) Elke mens word soos die eerste mens gebore, neutraal met 'n vrye wil.
f) Daar kan dus sondelose mense wees.
g) Die genade is vir alle mense, maar die mens moet dit verwerf **deur deug.**

**Semi-Pelagianisme: (rigting 411-529)**
Die mens is nog dood(Augustinus), nog gesond(Pelagius), maar siek. Die mens moet uit hierdie siektetoestand gered word en dit gebeur deur samewerking tussen God en die mens se vrye wil. Die implikasie is dat die saligheid tog op die end in die hande van die mens is.

Hierdie rigting is op die Sinode van Oranje in 529 nC veroordeel. Die Remonstrante(ook as Arminiane bekend) het die gedagterigting van die semi-Pelagiane voortgesit en is by die Sinode van Dordt (1618/19) veroordeel.

**TWEEDE MOONTLIKHEID(gereformeerd)**
Iets wat die Gereformeerde altyd beklemtoon het, is dat God die **goddelose** vryspreek(Rom 4:5).

Samehangend met hierdie uitgangspunt, is die oortuiging van die Reformasie en die belydenisskrifte dat die mens **totaal verdorwe** is.

Die totale verdorwenheid van die mens impliseer die volgende: "Alle mense word daarom in sonde ontvang en as kinders van die toorn gebore, onbekwaam tot enigiets goeds wat sou kon salig maak, geneig tot die kwaad, dood in die sonde en slawe van die sonde" (DL III,IV 3 - Sien Rom 3:10-23 en Ef 2:1-3).

> *Verlossing is 'n genadedaad van God waartoe die mens geen bydrae kan of hoef te lewer nie en waarvoor hy geen voorwaarde kan of hoef te vervul nie."*

Hierdie onverhandelbare uitgangspunt van die Gereformeerde belydenis is baie duidelik die teenpool van enige samewerking (sinergisme) tussen God en mens om die heil te verkry. "Van samewerking met die genade", sê die Sinode van die Ned Geref Kerk (1990), "is geen sprake nie.

Verlossing is derhalwe 'n genadedaad van God waartoe die mens geen bydrae kan of hoef te lewer nie en met die oog waarop hy geen voorwaarde kan of hoef te vervul nie."

Gereformeerdes neem hierdie standpunt in navolging van Augustinus in.

**Augustinus**
1. Die mensdom is solidêr aan Adam verbind - ERFSONDE
2. God se genade is soewerein - uitverkiesing
3. Wat met die mens gebeur het
*hy is geskape met die vermoë om nie te sterf en te sondig nie
*weens die sonde van die mens kom hy toe in die staat van die onvermoë om nie te sondig en te sterf nie

## B. VERLOSSING

**EERSTE MOONTLIKHEID(nie gereformeerd)**
God het die mens lief. Hy toon dit deur Jesus na die wêreld te stuur as 'n versoening vir ons sonde. Al sê hierdie groep hierdie dinge, beteken Christus se dood en opstanding niks meer nie as dat God slegs **voorsiening** vir ons verlossing kom maak het nie. God se heilswerk in Christus is **onvoltooid** totdat dit 'n werklikheid in die mens se lewe word. Daar kan dus hoogstens gesê word dat die **moontlikheid** vir die verlossing van die mens aangebreek het.

Dit, sê Prof WD Jonker, "hang daarmee saam dat hulle die aard van Gods beloftes verkeerd verstaan. As hulle Joh 3:16 lees waarin gesê word dat God sy Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe kan he, dan interpreteer hulle dit asof dit beteken: God het deur die dood van Jesus vir alle mense die verlossing **moontlik** gemaak, maar nou hang dit van elke mens af of hy verlossing in die geloof wil aanneem, want dit is sy deeltjie wat hy moet bydra om gered te word.

So maak hulle Gods beloftes **voorwaardelik**. Dit beteken: Jesus se dood geld vir jou, **mits** jy jou kant bring deur te glo" (Hoe kan ek seker wees? Publikasie van die Ned Geref Kerk in Wes Kaapland). Die genade, sê die Sinode in 1990, "word verstaan as 'n **moontlikheid** tot redding, maar eers die menslike geloof maak dit 'n **werklikheid**.

**TWEEDE MOONTLIKHEID(gereformeerd)**
God het die GODDELOSE ONVOORWAARDELIK lief. Prof Willie Jonker sê treffend: "Miskien sê hulle nie meer dat 'n mens deur jou eie goeie werke jouself moet red nie, omdat hulle nie wil ontken dat 'n mens genade nodig het om gered te word nie. Tog sien hulle ook nie kans om die boodskap van Paulus te aanvaar dat God die **goddelose** om Christus wil vryspreek nie.

> *God het die GODDELOSE ONVOORWAARDELIK lief.*

Die gedagte daaragter is dat daar darem in die mens self 'n rede, 'n grond moet wees waarom God juis aan hom genade bewys. Eintlik dink hulle dat God die **godsdienstige** mens vryspreek. Dit is egter 'n fatale misverstand. Wie dit so verstaan, begryp nog nie die evangelie van Gods vrye genade nie" (Hoe kan ek seker wees? Publikasie van die Ned Geref Kerk in Wes Kaapland).

Telkens beklemtoon die Skrif dat die mens **uit genade alleen, sonder verdienste,** deur **Christus alleen**, gered is (Tit 3:4-7; Ef 2:5,8-9; 2 Tim 1:9-10; Rom 3:24). Hierdie redding word deur die Woord (respektiewelik:evangelie) aan die mens toegesê en deur die bediening van die sakramente beseël en bevestig.

Die Doopformulier stel dit pragtig: "Die doop

bevestig aan ons alles wat God ons skenk deur die genadeverbond en maak ons telkens bewus van hierdie vaste grond waarop ons geloof berus".

*Die sakramente red die mens nie. Christus red ons. Die sakramente bevestig wat die Woord aan ons toesê.*

Die Nagmaalformulier se dat die Nagmaal Christus se soenverdienste aan ons so volledig waarborg "asof ons self voor God gestaan het, self die straf vir ons sonde gedra het. Die **sekerheid** wat hierdie waarborg ons gee, is nie gegrond op ons gevoelens of stemminge nie, maar op die tekens uit die hand van die Here; dit is in die Here self gevestig."

Die sakramente red die mens nie. Christus red ons. Die sakramente bevestig wat die Woord aan ons toesê.

## C. WOORDVERKONDIGING

**EERSTE MOONTLIKHEID (nie gereformeerd)**
Met so 'n siening is die Woordverkondiging hoogstens die oordra van 'n paar feite oor wat die Here in die verlede gedoen het om die redding vir elke mens moontlik te maak.

Die doop is niks meer as 'n teken van die dood op opstanding van Jesus Christus en wat dit vir jou **kan** beteken nie. Die doop sê in so geval: "Jy sal 'n kind van God kan wees, **mits jy..**"

Eindelik is alles wat God se dade deur Sy Woord en sakramente lewelose tekens dat God darem aan die mens gedink het. Alles hang nou af van die vraag of die mens dit gaan aanvaar of nie.

Die gevolg hiervan is dat die mens kennis kan neem van die Woord as informasie, maar dat dit kennis deur die vertroue, die leer deur die lewe, die hoor deur die doen, aangevul moet word.

So 'n denkwyse is onbybels en ongereformeerd. In die gereformeerde tradisie is kennis vertroue, is die leer ook die lewe en is om te hoor ook om te doen.

**TWEEDE MOONTLIKHEID (gereformeerd)**
Wanneer die evangelie dus verkondig word, spreek God mense vry (word mense vrygePREEK). By die Reformasie het die Woord as **heilsmiddel** gedien.

*Hierdie Woord hoef nie "waar" gemaak te word nie. Dit is waar.*

Die betekenis van die Woord as heilsmiddel is daarin gelee dat die Woord die **lewende Woord** van God is, waarin God in Christus en deur die Heilige Gees "die vergewing van sonde, die nuwe lewe, kortom **die volle heil, ja, Homself skenk**" (Veenhof 1959:219).

In die prediking van die evangelie is God besig om deur die Heilige Gees die heil wat 2000 jaar gelede op Golgota verwerf is, uit te deel en in die mens se skoot te laat val. Hierdie Woord hoef nie "waar" gemaak te word nie. Dit is waar.

Deur die lewende Woord wek God ook die lewe. Die woord word telkens met die nuwe lewe van die mens in verband gebring en dan staan dit juis teenoor die moontlikheid dat die mens **homself** kan lewend maak (1 Pet 1:23-24). Selfs wanneer die mens Jesus aanneem (respektiewelik: ontvang - Joh 1:12), is dit "nie van nature nie, nie deur die drang van 'n mens of die wil van 'n man nie" (Joh 1:13), maar omdat hulle "uit God gebore word".

God wek die mens tot die nuwe lewe deur Sy Woord. Daar is geen sprake van dat God halfpad werk en dat die mens dan voltooi wat God begin het nie. Prof Johan Heyns, sê: "Die mens - selfs nie deur sy geloof - voer die verbond tot sy voleinding nie. Die mens gaan nie verder waar God opgehou het nie. Die mens voltooi nie wat God onvoltooid gelaat het nie". (Uit: Wedergeboorte en bekering in verbondsperspektief: Universiteit van Pretoria Teologiese studies).

## D. BEKERING

**EERSTE MOONTLIKHEID (nie gereformeerd)**
Wanneer geld Jesus se verdienste, soos dit deur die Woord en sakramente oorgedra is, vir die mens? Wanneer die mens die dinge in sy lewe 'n werklikheid maak deur sy bekering.

Bekering bestaan dan uit elemente soos skuldbelydenis, berou, om Jesus aan te neem en die sonde te laat staan. Hierdie dinge is die mens se deel wat hy doen om gered te word. Of die mens dus gered word of nie, hang in laaste instansie van homself af.

**B. TWEEDE MOONTLIKHEID (gereformeerd)**
Die redding wat God in Christus bring is **onvoorwaardelik.**

Die kerk het nog altyd alle vorme van voorwaardes vir ons redding verwerp: "Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die welbehae en voorneme van God .. bestaan daarin dat God uit alle moontlik voorwaardes, - soos bv. die werke van die wet - of uit die orde van alle dinge, die wesenlik onverdienstelike daad van die geloof en die onvolmaakte gehoorsaamheid daarvan tot 'n voorwaarde vir die saligheid uitverkies het" (DL I dwaling 3. Sien ook DL II, dwaling 4).

Selfs geloof is nie 'n voorwaarde vir ons redding nie, omdat die geloof by Paulus juis teenoor alle verdienste staan. **Hoe kan iets wat niks verdien nie, 'n voorwaarde wees?**

God sou tog nie een heilsweg wat op verdienste gegrond is verwerp en tegelyk 'n ander verdienstelike heilsweg in die plek daarvan kom stel nie. Geloof sluit juis al die mens se verdienste uit omdat dit weg van die mens, na Christus, kyk (Rom 3:27,28).

> *Buite ons het Christus geen nut nie. Daarom hoef daar nie terug gedeins te word vir 'n oproep tot geloof nie. Hoewel die geloof nie red nie, word die mens nie anders as in die weg van die geloof in Christus gered nie.*

Wanneer die Reformasie die geloof as middel aandui waardeur ons Christus met al sy weldade omhels, beteken dit nie dat die mens sy "kant" bring nie. Met geloof word nie bedoel dat dit "ons menslike deel is wat ons bydra om gered te word nie.

Dit is eenvoudig die **aanvaarding** dat Gods beloftes **waar** is, dat Christus ons **werklik gered het"**. Die geloof ontaard in 'n verdienstelik goeie werk "die oomblik dat dit verstaan word as 'n selfstandige menslike daad wat die genade aanvul" (Verslag van die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk 1990 oor: Gods werk of mensewerk?).

Calvyn beklemtoon dat Christus buite ons geen nut het nie. Daar hoef nie terug gedeins te word vir 'n oproep tot geloof nie. Hoewel die geloof nie red nie, word die mens nie anders as in die weg van die geloof in Christus gered nie.

Die vraag is nie of die mens moet glo nie, maar wat die aard of funksie van die geloof is. Indien die geloof 'n plek inneem waarin daar maar die

> *Die vraag is nie of die mens moet glo nie, maar wat die aard of funksie van die geloof is.*

kleinste sweempie van bydrae, waarmaking van Gods beloftes of menslike prestasie is moet dit afgewys word.
Die geloof rus in die reeds volbragte versoening in Christus. "Genade en geloof", sê die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk (1990), "korrespondeer met mekaar soos 'gee' en 'ontvang'."

## E. HEILSEKERHEID

**EERSTE MOONTLIKHEID (nie gereformeerd)**
Die gevolge vir heilsekerheid is geweldig. Voortdurend word sekerheid eerder op die vertroue, aanneem, erns van jou skuldbelydenis, bekering, vroomheid (vrugte van die geloof) en geloof van die mens, i.p.v. op Christus en sy Woord gebou.

Die effek van hierdie woord beklemtoning word gesien in die ondersoek van die Natalse kerk in 1986 onder 301 skoolverlaters. Hoewel 97% van hulle die Bybel as die onfeilbare Woord van God aanvaar en 98% glo dat Jesus vir hulle sonde betaal het, glo 78% dat God eendag sal oordeel of hulle **goed genoeg gelewe het** om in die hemel te kom. Verder wou 68% van hierdie matrikulante weet hoe hulle **vrede met God** kan maak.

Dit is duidelik dat hulle sekerheid "morele" sekerheid is waarin die prestasies en kwaliteit van die mens se lewe die deurslaggewende is. Of hulle vrede met God het, die ewige lewe of watter ander genadegawe van God ookal sal ontvang, hang vir hulle in die laaste instansie van die kwaliteit van hulle lewe af.

**TWEEDE MOONTLIKHEID (gereformeerd)**
Ons sekerheid is op die Woord van God gebou (Tit 1:1-3; 1 Joh 3:1; 5:6-13). Die leer van die sogenaamde **heilsorde** is deel van die probleem waarom mense se sekerheid eerder op die kwaliteit van hulle lewe as op Christus gebou is.

Weens hierdie leer, wat verskillende **stappe** op

die heilsweg identifiseer, het mense hulle sekerheid begin bou op die vraag of een of meer van die stappe al met hulle gebeur het.

Dit het ook die bron van 'n geestelike meerderwaardigheid geword, waardeur God se genade net diegene geld wat reeds een of meer stappe op hierdie "heilsweg" geneem het.

Hierdie leer gee daaraan uitdrukking gee die mens op hierdie trappies verby sekere stasies kan beweeg wat van jouself 'n "verdere gevorderde" Christen maak. Die leer van die heilsorde is juis om hierdie rede onder skerp kritiek.

## F. VOORWAARDES?

**EERSTE MOONTLIKHEID (nie gereformeerd)**
Aan die grond van hierdie valse sekerheid lê die geweldige hartseer en onbybelse aksent dat die Here berouvolles, bekeerdes en regverdiges vryspreek.

Bekering, berou en ander godsdienstige aksies van die mens word dan die grond of voorwaarde waardeur God se genade my deel word.

God spreek dus hulle vry wat bepaalde **voorwaardes** nagekom het. In die alledaagse taal sou hierdie mense se: "Die Here hou nie van stout kinders nie", "Die Here kan nie in 'n vuil hart woon nie", "God kan nie jou skuld vergewe as jy nie jou sonde laat staan nie".

Dit is jammer dat daar literatuur bestaan wat hierdie voorwaardelike karakter van die heil in die hand werk. Hierdie literatuur is nie alleen misleidend nie, maar ook ongereformeerd en skadelik. Een van hierdie pamflette sê uitdruklik: "Jy moet jou sonde bely en laat staan, dan kan God jou sonde vergewe". Ds B Mostert se pamflet wat versprei word onder die titel: Bekeer jou!!

Prof Willie Jonker beskryf hierdie voorwaardelike denkwyse as volg: "Wie dit so sien, kom eintlik nie weg van die idee dat 'n mens gered word deur wat jy self doen nie. Al word ook erken dat 'n mens nie deur jou goeie werke gered kan nie, maar net deur genade, word die genade daarvan afhanklik dat jy jou deel bydra deur te glo".

**TWEEDE MOONTLIKHEID (gereformeerd)**
Berkouwer (1975:188) sê: "Wie nadink oor geloof en regverdiging, staan op dieselfde oomblik voor de verhouding tussen boetvaardigheid en regverdiging, omdat dit in die vryspraak nie gaan om die vryspraak van die onskuldige nie, maar die skuldige".

Berkouwer kom tot die slotsom dat, soos met die geloof die geval is, die berou nooit die genade/vergifnis kan bewerk nie. Soos geloof geen voorwaarde vir my redding is nie, is skuldbelydenis ook nie 'n voorwaarde vir vergifnis nie.

## 3. DIE SKEMA VAN DIE SKRIF

Die hele Skrif hele skema is die van GOD SKENK-DIE MENS ONTVANG. Ons kan dit ook ander sê: God red - die mens ontvang die redding deur die geloof, bekering, skuldbelydenis, ens. Nog anders: God RED ONS deur die verkondiging - ons glo dat ons GERED IS.

Nooit word hierdie orde omgekeer nie. In die Johannes evangelie, waar die woord **bekering** nooit gebruik word nie, word die treffende verhaal van die vrou wat in owerspel betrap is vertel (Joh 8:1-11).

Nadat haar beskuldigers geloop het, funksioneer dit wat hierbo genoem is: TOESEGGING: Ek veroordeel jou ook nie - OPDRAG: Gaan maar en moet van nou af nie meer sondig nie. Die orde is NIE: bely eers jou sonde, laat staan eers jou sonde, dan veroordeel ek jou nie.

Selfs in Handelinge, waar die oproep tot bekering meestal in die sendingkenteks funksioneer (J G van der Watt - Uit: Wedergeboorte en bekering in verbondsperspektief, Univ van Pretoria Teologiese studies), word die orde nie omgekeer nie.

Met die bekeringsverhaal op Pinksterdag word die evangelie EERS gebring. Sonder enige direkte oproep tot bekering in die verhaal (Hand 2:14-36), word mense van die evangelie oortuig en vra: "Wat moet ons doen?" (Hand 2:37). Die Woord herskep dus die mens tot reaksie.

In Hand 13:32-39 word dit ook op 'n uitsonderlike wyse bevestig. Wat aan die mense verkondig word, is "die goeie boodskap dat God die belofte aan die voorvaders vir ons, hulle

nageslag, vervul het deur Jesus uit die dood te laat opstaan" (13:32).

Ons verkondig dus nie 'n **onvoltooide versoening** nie, maar die VERVULDE BELOFTES van God (Rom 15:8; 2Kor 1:18-22). Wat verkondig word is "die vergewing van sondes deur Hom .. en dat elkeen wat glo, deur Hom vrygespreek word van alle sondes. Die wet van Moses kon julle nie vryspreek nie" (13:38-39)

Die "orde" is dus: GOD VERVUL DIE BELOFTES EN Sê DIE VERVULDE BELOFTES AAN ONS TOE - ONTVANG die vryspraak wat julle nie self kon verdien nie!

Dit is so dat in die weg van die geloof, skuldbelydenis en berou die reeds volbragte heil in Christus in die hede opnuut vir my heilswerklikheid is. Dit is egter duidelik dat die berou van die mens, soos die geloof, die **dankbare ontvang** van die reeds volbragte vergifnis deur doe bloed van Christus, op grond van die barmhartigheid van God, aandui.

Dit is daarom onstellend dat Mostert (1990:147) die uitspraak kan maak dat belydenis van sonde 'n rein hart bewerk en as sodanig 'n beginsel vir geestelike oorlogvoering kan wees: "Sonder 'n rein hart is die gelowige grootliks oneffektief in sy stryd teen die Bose. Sorg dat alle bewuste onbelyde sonde bely is en dat jy sover moontlik volledig restitusie doen oor jou verlede. Met 'n rein hart het die Satan geen houvas op die kind van God nie".

Hierdie uiters subjektiewe kragtoertjies van die mens is pastoraal gesproke uiters bedenklik en gevaarlik. Tereg sê Jonker (1981:210): "Teologies en pastoraal is dit noodsaaklik om die twyfelende mens na Christus te verwys, nie na homself of sy eie ervaringe nie."

## 4. SLOTOPMERKINGS

Die ongelukkige gevolg van die invloed van ongereformeerde en onbybelse literatuur wat in die omloop is, is dat die **eer van die Here** aangetas word.

Wanneer die NGB oor ons geregtigheid voor God praat en beklemtoon dat ons "verniet, dit wil se uit genade, geregverdig is deur die verlossing wat in Jesis Christus is", word aan die grondslag vasgehou: "Ons gee aan God al die eer, verneder ons voor Hom, erken dat ons is wat ons is, roem glad nie in onsself of in ons verdienste nie, maar maak staat en steun op die gehoorsaamheid van die gekruisigde Christus alleen" (Artikel 23).

Waar die mens dus vir homself 'n staanplekkie maas die genade van God wil inrig, is ons besig om die eer van God aan te tas.

'n Verdere ongelukkige gevolg van vele invloede op ons lidmate is dat daar 'n geestelike hoogmoed teenoor die "sondaars" ontwikkel word. Die vraag word gevra: "Hoe kan 'n mens aan sondaars, diep verlore in hulle sonde, verkondig dat Christus hulle aan die kruis gered het?"

Die duidelike ondertoon is dat God nie so goed kan wees nie. Gelukkig het die Woord van God die blye nuus aan sondaars dat hulle deur die verdienste van CHRISTUS ALLEEN gered is en dat hulle dit MAG glo!! Wat sou ons anders aan sondaars kan verkondig?

Wanneer die aktes en ervarings getoets word aan die eis of Christus steeds die enigste grondslag en weg tot die saligheid is en nie dalk 'n halwe Verlosser geword het nie (NGB Art 22), word die aanklag van eensydigheid dikwels gehoor.

> *Goddank dat sy genade eensydig is .. anders was dit nie genade nie.*

Mense wat hulleself veroorloof om hierdie aanklag te maak, moet seker maak of hulle die gereformeerde belydenis ondersteun.

Oor die eensydige genade van God in Christus, sy verbondsgenade, kan mens net sing: "Voordat ek kon kies, kon vra, het u Seun my vloek gedra. Ek kon vind U't my gekry, voor ek nog my skuld bely: (Ges 10:2). Goddank dat sy genade eensydig is .. anders was dit nie genade nie.

Saam met Paulus in Hand 20:24 sê ek ook: "Maar al is my lewe vir my kosbaar, reken ek dit van geen belang nie, as ek maar net my lewenstaak kan voltooi en die dienswerk wat ek van die Here Jesus gekry het, kan klaar maak: dit is om die **evangelie van God se genade** te verkondig."

Annes Nel
Ned Geref Kerk Academia

ISSN 1017-6837 VDM jg 4/1 Januarie 1995

# As klein dingetjies dink .........

*Gebeure rondom die Uitverkiesing en die verkondiging van hierdie Evangelie van Waarheid*

Lielie rek haar uit, haal 'n diep asem, en gee vir Teddie 'n druk. Gelukkig het hy nie weer van die bed af geval in die nag nie. Sy kan nie verstaan hoe hy uit haar arms loskom nie. Sy hou hom elke aand op haar styfste vas as sy gaan slaap. Hy's mos haar beste, beste maatjie.

"Vandag is die dag" fluister sy in Teddie se oor. Ou Tannie Kriel het by die JKJA (Ouma sê dis 'n simpel naam, mens sê eintlik Kinderkrans) in elk geval die Tannie het gesê hulle moet hierdie week elkeen iets van die Here kom vertel.

"Vandag gaan ons twee die Here soek, want anders sal ek hulle maar moet vertel van die keer toe ek jou maag amper geoper.. ge.. ag, oopgesny het, omdat ek gedink het jy het my twintig sent in-gesluk. Darem gelukkig dat ousus dit toe in die gang opgetel het, anders was jy seker seker nou baie kwaad vir my, nê"

"Toemaar Mamma ek sal self".

"Ek kan self my rekkies vasmaak. En my liewe Teddie, ek sal alleen vir die Here gaan soek, as jy aanhou om vir my te lag" raas Lielie.

Sy gaan sluk vinnig haar pap, gryp haar hoed en durf saam met haar Teddiebeer die Grote Soektog aan. Die son skyn heerlik warm en net daar gaan lê ons heldin eers 'n bietjie plat op die naat van haar rug, om te kyk vir die wit-wit wolke. Dis vir haar die lekkerste in die wêreld as die son op haar lyfie skyn, en sy dink die Goedheid van God, waarvan die grootmense so bid, sit in die son. Dit maak mens warm tot in jou hart. Dis hoekom mens ook nie vir die son mag kyk nie. Moses mag ook nie vir God gekyk het nie.

'n Voëltjie vlieg oor die een boomtop, met 'n grassie in sy bek. Dis daai vink. Hy moet al weer 'n nuwe nessie bou vir sy kwaai vroutjie. "Mevrou Vink, jy's aaklig om elke keer die nes so stukkend te breek. As ek jou man was, sou ek jou los".

Dis wat Tannie Ans nou die dag vir Mamma gesê het oor die Tandarts se kwaai vrou.

"Ek is seker die Here is net hier naby" sê Lielie vir haar Teddie "want alles voel vir my so lekker. Sy hoor vir Mamma neurie in die huis, sy ruik die pronkertjies en as Buksie met sy warm hondjielyf teen haar kom lê, dan voel sy om soos Pappa te sê "My beker loop oor". Eers het sy, as hy so sê, gedink: "maar dis darem 'n groot gemors waaroor hy sal raas kry", maar Pappa verduidelik toe dat dit "verskriklik gelukkig" beteken.

"Miskien moet ek net gou vir Pappa die blare uit die swembad skep, voor ek verder soek. Dan sê hy weer ek is sy ou groot dogter" sê Lielie ingedagte vir Buksie.

Nou hoekom is Mamma se oë so rooi en Oupa en almal is hier. Dis dan nie eers vakansie nie. Boeta hou glad haar hand vas. Is hy nou siek of iets. Miskien het Teddie geklik en nou wil almal saam vir die Here kom soek.

"Ja Pa" sê Mamma vir Oupa, "eers steur ek my nie aan die hond se getjank nie, maar later voel ek onrustig en gaan kyk, en daar dryf my kind toe in die swembad. Dis net deur die Here se genade dat sy nog lewe".

Dan was die Here daar. Sy het dit geweet. Gelukkig dat Hy vir haar net soos vir Moses uit die water getel het.

"Op berge en in dale en overal is God waar ons ook telkemale mag swerwe daar is God".

Lielie kan haar altyd verwonder aan Oupa se diep stem, en toe sy opkyk en die blywees in die blou van sy o- sien, toe weet sy! Ek weet, ek weet, ek weet! Ek weet Oupa het hierdie liedjie self gemaak op die dag wat Oupa nes ek van pure simpelgeit êrens ingevoeter het en die Here self vir Oupa ook moes kom optel. Sy lag en knipoog vir haar Oupa. Ai, daar is darem niks so opwindend soos 'n geheim nie.

En toe haar beurt kom, bid ons klein Lielie met haar pofferhandjies styf teenmekaar:

*"Dankie Here, dat u vir my en Oupa en Moses en al die ander kom soek en optel het, anders het ek niks gehad om môre vir Tannie Kriel en die maatjies te vertel nie.*
*Amen*".

ISSN 1017-6837 VDM jg 4/1 Januarie 1995

# VERNUWING IN DIE EREDIENS. (Deel 1)

Die laaste jare was die vernuwing van die erediens veral die dryfkrag gewees agter die werk wat die kommissies vir die erediens vanaf die die Algemene sinode tot by kerkrade motiveer het om nuwe kerkliedere, nuwe erediens vorme en liturgiese praktyke in te bring en voor te stel. Dit het gestrek van danse in die erediens tot die invoer van die katolieke voor- en naspreek van vaste spraakgedeeltes. Maar alles was darem in 'n Gereformeerde styl gedoen. Dit is nou van die danse tot die voor en napraat.( Sic)

Die vernuwing van die erediens is 'n godsdienstige saak. Teenoor vernuwing staan verstardheid. In die godsdiens is hierdie kontras nie 'n saak van sosiale vermaak of die afwisseling van vertonings nie. Dan is vernuwing nie 'n godsdienstige saak nie, maar gewoon 'n metode om aan hulle wat die bediening van die heil vervelig vind, afwisseling te verskaf.

In die godsdiens is verstarring die verloor van die inhoud van die godsdiens en vernuwing die terugwin van die inhoud van die godsdiens. Die vernuwing van die erediens wat as tema gedryf word vir al die liturgiese variasie wat ons deesdae sien moet dus ook van die standpunt uitgaan dat dit gaan oor die terugwin van die inhoud van die godsdiens in die erediens. So nie word ons gewoon mislei met sosiale eksperimente in stimulasie.

In die erediens gaan dit oor die bediening van die heislmiddelle en die viering van die heil wat meegedeel word - om God te eer. Dit kan nie in 'n erediens binne die Christelike kerk oor iets anders gaan nie.

Die soeke na vernuwing gaan oor die verlies aan die inhoud wat in die dienste van die kerk gebeur het. Wat het ons verloor? Dit wat ons verloor het kan ons sien in dit wat oorgebly het.

Die inhoud van die Woord van God bestaan op twee dele: die wet en die Evangelie. Die Evangelie is die deel waarin ons geregverdig word en die wet die deel wat ons heenwys na die regverdiging.

As die erediens die Woord as heilsmiddel reg aanwend moet hierdie twee dele in die erediens reg gebruik word. Die verkeerde gebruik van die twee dele lei dit tot verstarring en maak dat die heil nie meer in die erediens gekommunikeer of gevier kan word nie.

Hoe funksioneer dit in die dienste? Wat opval is die eensydige klem van die wet. In elke diens word daar naas die skriflesing vir die prediking'n aparte en eie tyd ingeruim vir 'n spesifieke wetslesing uit verskillende wetsgedeeltes van die Woord.

Hierdie wetslesing kan nie so verstaan dat daar in die wetslesing by die wet stilgestaan word en in die Skriflesing vir die prediking by die Evangelie nie. In die prediking moet die wet deel van die prediking wees. Tans het die wetslesing dus 'n eie plek, naas die skriflesing vir die prediking.

Hierdie prominente plek van die wet gaan nog verder. Dit vorm ook die spil vir die skuldbelydenis, genadeverkondiging en die geloofsbelydenis in die erediens. Na die lees van die wet volg die oproep tot skuldbelydenis wat saam met die genade verkondiging gaan. Na hierdie oproep volg gewoonlik 'n lied waarin die sonde bely word en na die sondebelydenis volg die geloofsbelydenis.

Kan in hierdie bediening van die Woord die Evangelie op so 'n gekommunikeer word dat die lidmate hoor en weet dat ons vergewe word alleen deur ons geloof sonder wetsgehoorsaamheid en sonder dat ons bekering enige waarde het vir die vergifnis van sonde ?

Dit is nie net feitlik onmoontlik nie, dit gebeur gewoon nie. Vra maar enige lidmaat van die Ned. Geref. Kerk wat 'n erediens bygewoon het waar hy eers na die Tien gebooie geluister het, toe gehoor het hy moet sy sonde bely en sy toevlug tot Jesus neem, toe 'n lied gesing het waarin hy sy sonde bely en berou moes wys vir sy sonde en daarna sy geloof bely het om te wys hoe bly hy is dat hy vergewe is. Hoekom het hy na die wet geluister en sy sondes bely?. Om vergewe te word antwoord almal. Toets maar die lidmate, dit is wat hulle sê, want dis wat hulle hoor.

Die klem wat die wet as skriflesing voor die skriflesing vir die prediking kry, met al die liturgiese inhoude van skuldbelydenis en genadeverkondiging rondom die wetslesing, maak gewoon die Evangelie, dat ons deur die geloof alleen vergewe word en dat sondebelydenis geen waarde het in die ontvangs van die heil, duister. Die lidmate hoor in die Woordbediening met die wetslesing en genadeverkondiging by die wetslesing gewoon nie meer die Evangelie nie.

Om na so 'n boetedoeingsliturgie 'n preek te maak oor genade alleen en geloof alleen kan gewoon net nie meer deur die lidmate gehoor word nie. Die liturgie het dit ontoeganklik gemaak. In die liturgie is hulle gelei om presies te teenoorgestelde te doen as wat vir hulle in die preek gesê word.

Dit is hierdie verlies van die aanhoor van die heil sonder wetsgehoorsaamheid wat die hele erediens in die Ned. Geref. Kerk verstar. Dit maak die heil en die viering van die heil morsdood. Al die nuwighede wat ons die laaste jare moes verduur was maar op die ou end om die verlies aan die meedeel van die heil deur die Woord self in die diens te probeer herwin.

Die oplossing vir die verlies lê in 'n heel ander rigting as die danse en spraakkore wat tans hoogty vier. Die Evangelie moet sy regmatige plek in die liturgie, nie net in die prediking kry nie.

Dit kan gedoen word deur voor die die skriflesing vir die prediking ook 'n Evangelielesing naas en saam met die wetslesing en soms in die plek van die wetslesing in die liturgie in te bring.

**Wat is 'n Evangelielesing?**
Die inhoud van die Evangelie word in die twaalf artikels as belydenis saamgevat. Hierdie Evangelie word dwarsdeur die nuwe Testament stuk vir stuk verkondig. Elke deel van die Evangelie het 'n eie en unieke betekenis vir die geestelike lewe soos dit in die Heidelbergse kategismus verduidelik word.

'n Evangelielesing bestaan dan uit twee dele: dit wat Jesus doen en dit wat dit vir ons beteken. Jesus se onbevange geboorte maak ons heilig voor die wet; Jesus se lyding maak ons vry van die oordeel van die wet; Jesus se kruisiging maak ons vry van die vloek van die wet; Jesus se sterwe maak ons vry van die skuld van die wet; Jesus se begrafnis maak ons vry van die mag van sonde - die wet; Jesus se ter helle neer daal maak ons kinders van God; Jesus se opstanding maak ons deel van sy lewe; Jesus se Hemelvaart laat ons deel in die vrug van die Gees; Jesus se regering deur die Evangelie maak ons vry van die heerskappy van die wet.

Hierdie verbande is nie teologiese spekulasie, dit is verbande wat die skiflesings self gee. Dit is hoe dit in die tekste in die Nuwe Testament self gegee en verduidelik word.

Kom ons neem 'n voorbeeld om die plek en waarde van die Evangelielesing saam met die wetslesing in die liturgie voor die prediking te gee.

**Jesus se kruisiging neem die vloek van die wet weg.**

1. Lofsang. Ges.62
2. Evangelielesing. Galasiërs 2: 15-21 en 3: 13.
3. Genade verkondiging:
Elkeen wat alleen sy geloof in Jesus stel om vrygespreek te word kan verseker weet dat Jesus die vloek van die sondes wat ons doen gedra het. Niks anders is nodig.Kom ons omhels die genade van God in die Evangelie met Gesang 122: 4 + 5.
4. Wetslesing: Gal.3: 1-12.
5. Oproep tot verootmoediging.
Aan elkeen wat nie aan Jesus alleen vashou, maar nog aan die wet as manier om God se seën te ontvang word verkondig dat u uself onder die vloek van die wet plaas. Kom ons breek weg van ons eiegeregtigheid tot Hom alleen.
6. Sang. Gesang 264 verse 1,3,4 en 5.
7. Geloofsbelydenis.
Ons het ons geloof in die Evangelie gestel - kom ons bely dit nou hardop as kerk vrymoedig teenoor die ganse wereld.

Wat gebeur deur die invoer van 'n Evangelielesing saam met die wetslesing? Die bediening van die Woord as wet en Evangelie word nou vir die lidmate deur die liturgie toeganklik gemaak.

Die genadeverkondiging word nie meer aan die wetslesing verbind, maar aan die Evangelielesing. Die verootmoediging is nie meer boetedoening, maar 'n erkenning van die soek na 'n eie saligheid buite die Evangelie. Die verootmoediging word nou direk aan die wetslesing gekoppel.

Daar ontstaan nou 'n onderskeid tussen om met die hart te glo en die mond te bely. Met die hart glo hy deur die Evangelie in lied te antwoord. Met die mond bely hy deur die belydenis hardop te doen. Dit gee in die liturgie 'n plek waar hy net kan glo tot vergifnis alleen, sonder wetsgehoorsaamheid. Die verootmoediging volg later na die wetslesing.

Die erediens moet vernuwe, nie deur afwisseling van items nie, maar deur die inhoud van die Evangelie weer in die liturgie 'n vaste plek te gee.

Petrus Kriel
Ned Geref Kerk Levubu

ISSN 1017-6837 VDM jg 4/1 Januarie 1995




# LUX VERBI

bied u 'n boek om 1995 mee in te gaan!

**Ferdinand Deist**

se

## Hemelpastei en navolging.

*"Smaaklike" leesstof* *Prikkelende leesstof* *Byderwetse Bybelstudie*

Godsdiens verdoof jou vir die nare werklikheid met goedkoop beloftes van "a pie in the sky when you die". Sê party. Intussen kan jy maar lustig in luilekkerland rondlê terwyl God alles regmaak wat ons hier op aarde verbrou. Sê ander. Nee, sê Ferdinand Deist. Ware geloof is harde werk. Dit kos jou duur. Dis doen in plaas van net sê. Dit kan selfs van jou vra om 'n gemors te help opruim waarvoor jy nie verantwoordelik is nie.

Ware geloof is nie hemelpastei eet nie, sê hierdie uitsonderlike boek. Dis kruis-dra. Dis jouself prysgee. Soos Christus dit gedoen het. maar dit genees en herstel die aarde.

'n Boek met 'n "alternatiewe" perspektief op die lewe met God. Kan enige denkende mens daarsonder klaarkom?

### Inhoud van boek

1. Die verlore instruksieboek
2. As voorspoed verdwyn
3. Hemelpastei en geloof
4. God toor nie
5. Kan mense regtig verander?
6. God luister fyn
7. 'n Nagmerrie vol troos
8. Glo jy in genade?
9. Oor blydskap
10. Om 'n sondebok te word
11. Ons logika en die krag van die evangelie
12. Geloof is om "miskie"te sê
13. Kerknuut is kraaknuut
14. Wetenskap en wysheid
15. Om te bid is duur
16. Gevaarlike nagmaalsbrood
17. Liefdesimfonie

Prys: R36.50 + 4.30 pos -en verpakkingskoste = R40.80 per eksemplaar. BESTEL by LUX VERBI Posbus 1822, Kaapstad 8000 of Posbus 2309 Kempton Park 1620 of Posbus 2013 BLoemfontein 9300

**LUX VERBI se tolvry nommer is 0800 02 44 68**

ISSN 1017-6837 VDM jg 4/1 Januarie 1995

# DIE CHRISTELIKE TROOS (7)

STUDIE 7

## TROOS (STOF) TOT DANKBAARHEID

**1.BESWARE TEEN DIE) TROOS - GEREGVERDIG?**

Die grootste beswaar wat deur die eeue teen die troos ingebring is, is dat dit die mens(die christen) koud en onverskillig maak.

Reeds aan Paulus is geredeneer die leer sal meebring dat mense sê: Ons kan aanhou sondig, want die genade sal net meer word.(Rom. 6)

Vraag 64 van die Heidelbergse Kategismus hou hom juis ook hiermee besig as dit vra of hierdie leer nie die mense onverskillig en roekeloos maak nie?

Die DLR 1.13 sê dat dit **onmoontlik** is dat hierdie leer die kinders van God sal laat ophou om die gebooie van God te gehoorsaam of dat hulle onverskillig sou word. In 5.12 vervolg die DLR deur te sê dit is **totaal onmoontlik** dat ware gelowiges deur die leer hoogmoedig of sorgelose mense sou raak. **Inteendeel** dit is die wortel waaruit die nederigheid, die kinderlike vrees, die ware vroomheid ... spruit. Daar is geen sprake dat di) leer die gelowige onverskillig sou maak nie. NGB Art. 24.

'n Verdere beswaar is dat die mens se verantwoordelikheid ontneem word, die mens word dan net 'n "stok en blok".

Die DLR 3\4-11-12 sê dat die Gees die wedergeboorte skenk, en God werk dit sonder ons in ons. Dit bring nuwe eienskappe in die mens en beweeg en versterk die mens se wil om soos 'n goeie boom, vrugte van goeie werke te dra.

In 3\4.16 word genoem dat die mens steeds verstand en wil besit, die genade maak dit egter nuut en lewend om aan God gehoorsaam te wees.

Die mens het dus nie 'n verantwoordelikheid om gered te word nie, dit is 'n gawe van God - iets wonderliks(vgl. DLR.3\4-12) wat die mens "aangedoen" word. Die verantwoordelikheid van die verloste is om as verloste te lewe! So nie word God van eer beroof, terwyl die mens verhef word (5v2). "Die mens wat hierdie genade ontvang, is aan God alleen ewige dankbaarheid verskuldig ..."(DLR 3\4.15)

**2.DIE KENMERK VAN DIE VERLOSTE**

Die antwoord op vraag 64 van die H.K. sê dat iemand wat deur geloof in Christus ingeplant is, vrugte van dankbaarheid dra.

Die DLR 1.13 sê dit is daagliks steeds meer rede om ons voor God te verootmoedig, om die diepte van sy barmhartigheid te aanbid, om onsself te reinig en om Hom wat ons eerste so uitnemend liefgehad het, ook vurig lief te hê.

DANKBAARHEID KENMERK DIE GANSE LEWE VAN DIE GELOWIGE.

**3.DANKBAARHEID IN PRAKTYK**

Die genade van God verander en vernuwe die sondaar, dit maak hom geestelik lewend, genees, verbeter en buig hom lieflik en kragtig. (DLR

3\4.16) Art.24 van die NGB sê dat die geloof iets in die mens tot stand bring omdat dit nie 'n dooie geloof is nie maar "'n geloof wat deur liefde tot dade oorgaan" (Gal.5:6).

Hierdie dankbaarheidsdade word in die H.K. se derde deel beskryf en word sigbaar in:
Goeie werke. Die wet. Gebed.

Dankbaarheid in die praktyk is dus die mens wat nie na sy eie goeddunke optree nie, maar die een wat van uit die geloof elke keer vra: "Wat sê God se Woord"? (Vgl. H.K. vraag 91).

Ons wat hierdie verborgenhede godvresend en met eerbied aanbid, roep saam met die apostel uit: "O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik sy weë! Wie ken die bedoeling van die Here! Wie gee Hom raad? Wie bewys Hom 'n guns sodat Hy verplig is om iets terug te doen? Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Amen."

Alwyn Roux
Ned Geref Kerk Selcourt